

Israel en die Palestyne

1. INLEIDING

Die stryd om die grondgebied wat vandag as Palestina/Israel bekend staan, is 'n eeue-oue een. 'n Groot deel van die Bybelse tydperk word gekenmerk deur stryd rondom hierdie stukkie aarde van die Midde-Ooste aan die oostekant van die Mediterreense See. Vir die Israeliese slawe in Egipte, was dit die Beloofde Land en staan die *Eksodus* (uittog uit Egipte/slawerny) en *Intog* (inbesitneming van Palestina) in die teken van God (*Yahweh*) se seënende voorsienigheid.

Maar sedertdien het die stryd om hierdie stuk grond nooit werklik opgehou nie. Groter moondhede as die Bybelse volke van Israel en Juda het hulle stryd om mag en heerskappy bo-oor hierdie gebied gevoer. Egipte. Sirië, Babilonië/Perse. En later, in die Nuwe-Testamentiese tyd, die Romeine.

Vandag gaan dit egter nie meer oor die groot moondhede as sodanig nie, maar oor diegene wat as Jode hierdie stuk grond (of dan 'n gedeelte daarvan) om historiese en godsdienstige redes, weer terugeis (en terugneem) van die Palestyne (die bewoners van hierdie grondgebied vir afgelope meer as 'n eeu).

2. WAT IS DIE VRAAG/VRAE OP DIE TAFEL?

Die huidige Israel/Palestina-kwessie is 'n komplekse saak en kan nie maklik in een enkele perspektief uitgedruk word nie. Dit gaan oor 'n verskeidenheid van vrae van staatkundige, politieke en morele aard, soos byvoorbeeld:

- Is die huidige Israel in werklikheid 'n koloniale moondheid wat die land Palestina gekoloniseer het? En indien wel, moet die "kolonie Israel" gedekoloniseer word?
- Moet die staat Israel gevra of gedwing word om die grondgebied wat tans as "Israel" bekend staan, aan Palestyne of aan Arabiere as die land "Palestina" "terug te gee"?
- Sou Jode dan as individue wel toegelaat word om in Palestina te woon?
- Behandel die staat Israel die Palestyne wat in Israel en in die sogenaamde "besette gebiede" woon, regverdig? Maw, word die menseregte van die Palestyne in die "besette gebiede" en in Israel erken en toegepas?
- Het die staat Israel hoegenaamd bestaansreg?

Maar afgesien van hierdie morele en politieke vrae, is daar ook teologiese vrae waarop antwoorde gevind moet word. Byvoorbeeld:

- Indien God wel die land Israel na die uittog uit Egipte aan die volk Israel gegee het (as die Beloofde Land wat van die Kaananiëte afgeneem is), sluit dit die huidige Israel asook die "besette gebiede" (dit wil sê die Wes-oewer van die Jordaanrivier en die Gaza-strook) in?
- Indien dit so is (eerste bullit), geld dit vandag nog steeds net so, op grond van 'n antieke Semitiese dokument (Joodse Bybel of Ou Testament)?
- Is die feit dat die Joodse volk weer, na 20 eeue, in die land Israel gevestig is, 'n teken van God se getrouheid aan sy beloftes wat in Bybelse tye aan Israel gemaak is?
- Is dit waar dat die Bybel verkondig dat Jesus se wederkoms eers sal plaasvind wanneer die land Israel weer in Joodse hande is – en dat Christene dus nou geroep word om in pas te kom met God se tydsplan?

Afgesien van hierdie en nog meer teologiese vrae, is daar ook vrae rondom die NG Kerk se huidige betrokkenheid (al dan nie) by hierdie Israel/Palestynse-kwessie

- Behoort die NG Kerk (en dalk die NG Kerk-familie) betrokke te raak by dit wat deur baie politieke kenners beskou word as een van die moeilikste politieke vraagstukke ter wêreld?

- Wat laat die NG Kerk dink dat ons raad het vir Israelies's en Palestyne?
- Is dit wys om raad aan te bied oor 'n grond- en bestaanskwessie aan 'n streek 8 000 km van Suid-Afrika, of om daarin kant te kies met die beperkte inligting (wat waarskynlik nooit sonder manipulerings is nie) wat tot ons beskikking is – juis terwyl hierdie inligting ons telkens weer die kompleksiteit van hierdie vraagstuk laat besef?
- Behoort die NG Kerk-familie in hierdie kritieke stadium van die verenigingsproses tussen die NG Kerk, VG Kerk, NGKA en RCA betrokke te raak by 'n bitter moeilike kwessie wat die potensiaal het om Christene in die Kerk-familie verder op rasse-grondslag te verdeel – met Israelies's wat deur baie as blankes gesien word en Arabiere wat deur ander as mense van kleur gesien word?
- Of het die NG Kerk en sy NG Kerk-familie juis iets besonder om tot die gesprek by te dra, gegee ons ervaring van apartheid en die kerk se rol daarin?

Hier is dus nie net een vraag wat beantwoord moet word nie, maar 'n hele aantal. Alle vrae sal nie deur hierdie een verslag hanteer en beantwoord kan word nie, maar dit is tog belangrik dat die teologiese en die politieke vrae hier gestel sal word. As kerk moet ons sekerlik begin by die teologiese vrae. Daarom die volgende punt:

3. DIE TEOLOGIESE VRAAG:

IS DIE BELOFTE VAN GOD OM DIE ISRAELIESE DIE LAND ISRAEL TE LAAT WOON, VANDAG STEEDS GELDIG?

(Vir die leser: As u nie die argumente en detail van die teologiese vraag wil lees nie, kan u die opsomming van die teologiese vraag lees in paragraaf 3.4 Die Teologiese Vraag – opsommend op bladsy 16.)

In Protestantse kringe is daar rofweg drie reaksies op dié vraag:

dié van die Christen-Sioniste,

dié van diegene wat meen dat die besondere roeping van Israel met die koms van Jesus tot 'n einde gekom het,

dié van diegene wat meen dat God sy verbond met Israel nie vergeet het nie.

3.1 Die Christen-Sionistiese standpunt

Volgens hierdie standpunt is God se verbond met Israel steeds geldig en is die bestaan van die moderne staat Israel van heilshistoriese betekenis. Meeste Christen-Sioniste aanvaar die leerstelling dat God Hom in die verloop van die geskiedenis openbaar en dat daar sekere tydperke is waarin God Hom op 'n spesifieke manier openbaar en dat daar dan 'n bepaalde ooreenkoms (dispensasie) tussen God en Sy mense totstand kom. Hierdie raamwerk waardeur die Bybel gelees word, word die *dispensasionele* raamwerk genoem en het baie steun in veral evangeliese en charismatiese kringe in die VSA waar die sogenaamde *Schofield-Bybel* 'n groot invloed uitgeoefen het. In die *Schofield-Bybel* se kantlyn-kommentaar word hierdie verskillende dispensasies verduidelik. Prof Johan Malan gee in sy boek, *Sewe feeste van Israel – 'n profetiese program*, voorbeelde van hoe so 'n dispensasie-raamwerk werk. Die volgende word onderskei:

1. *Die dispensasie van onskuld in die Tuin van Eden:* Adam en Eva verloor hulle onskuld deur hulle ongehoorsaamheid
2. *Die dispensasie van die gewete:* In hierdie dispensasie leer mense om tussen goed en kwaad te onderskei.
3. *Die dispensasie van menslike regering na die vloed:* Hierdie stadium van die menslike geskiedenis is gekenmerk deur die totstandkoming van volke met hulle eie regerings.
4. *Die dispensasie van die wet:* Dié tydperk breek aan met die gee van die wet van Moses. In dié tydperk of dispensasie deel mense in die heil van God deur die wet van Moses na te kom.
5. *Die dispensasie van die kerk:* Met die geboorte van die Messias het 'n nuwe fase aangebreek – 'n groot lig skyn oor 'n volk wat in duisternis gewandel het. Deur geloof die verlossingwerk van God in Christus, kan sommige mense nou God se genade verkry. Dit is (ook) die dispensasie waarin ons tans verkeer.
6. *Die dispensasie van die Antichris se regering:* Dit is tyd net voor die wederkoms. Dit word ingelui deur die wegraping, waarna die Antichris geopenbaar word en vir 'n sekere tydperk oor die ganse aarde sal heers. In hierdie moeilike tydperk sal die Here spesiale getuies opwek om die evangelie te verkondig. Baie

Christene sal as martelare sterf weens vervolging deur die Antichris. Hierdie dispensasie sal in wêreldwye goddeloosheid eindig, waarna die bese magte in 'n finale slag vernietig sal word – volgens baie die slag van Armageddon (Openb 16:6).

7. *Die dispensasie van die millennium – die duisendjarige vrederyk:* Christus sal terugkeer na die aarde, in Jerusalem verskyn en persoonlik tydens hierdie bedeling regeer en die geredde Israel sal sy spesiale getuies wees wat die wêreld sal evangeliseer (Jes. 27:6). Hulle sal hoog in aansien wees onder alle nasies (Sag. 8:23). Aan die einde van die millennium sal Satan bevry word om weer eens die mensdom te verlei ten einde vas te stel wat die verborge bedoelings en begeertes van hulle harte is. Die groot meerderheid van mense sal deur die Bese verlei word om aan die laaste groot rebellie teen God en sy koninkryk deel te neem (Op 20:7-10), waarna die nuwe hemel en aarde geopenbaar sal word.

Daar is verskillende variasies van hierdie raamwerk, wat nie hier ter sake is nie. Wat wel relevant is, is dat al die variasies saamstem dat daar aan die einde, in die tydperk na Christus se “eerste wederkoms” en net voor die nuwe hemel en aarde geopenbaar sal word, 'n vrederyk sal aanbreek. Nie alle dispensionaliste dink dat hierdie vrederyk, of millennium, letterlik 1000 jaar lank sal duur nie. Omtrent almal glo egter dat daar 'n tydperk sal wees, ingelui deur Christus se eerste wederkoms (in Jerusalem), wanneer 'n groot deel van Israel tot geloof in die Messias sal kom en as Christus se spesiale getuies die wêreld sal evangeliseer. Daarom word dié standpunt ook soms die *chiliasiese* standpunt genoem, met verwysing na die 1000-jarige ryk. In Grieks beteken *chilia* “duisend”.

Wat nou belangrik is om te verstaan, is dat die Christen-Sionisme glo dat gelowige Jode in die millennium 'n spesiale roeping sal hê – nie omdat hulle sulke slim en begaafde mense is nie, maar omdat hulle so 'n spesiale boodskap vir die wêreld sal hê: Hierdie boodskap is dat Israel, wat drie duisend jaar tevore deur God geroep is om 'n lig vir die nasies te wees, dan uiteindelik hierdie roeping dal vervul, deurdat Israel na meer as twee duisend tot geloof gekom het in hulle Messias. Hierdie bekering van God se wederstrewige volk sal 'n loflied wees op God se getrouheid, wat oor meer as twee duisend jaar aan sy beloftes aan Israel getrou gebly het. Dit sal 'n vervulling wees van Rom 11:12: “As hulle (Israel) se val 'n verrykking vir die wêreld beteken het en hulle klein oorblyfseltjie 'n verrykking vir die heidennasies, hoeveel te meer sal dit dan nie tot seën wees as die Jode se volle getal gelowig sou word nie!”

Maar wat het dit alles met die spesifieke, geografiese land Israel te doen? Die Christen-Sionisme glo dat 'n groot deel van alle Jode fisies terug in Israel moet wees om hierdie roeping van hulle tot uitvoering te bring. Dit is immers die land wat God lank gelede aan hulle gegee het en dit is die land waarin die Messias se wederkoms sal plaasvind. So word dit onder andere voorspel deur die profeet Sagaria 14:4: “Daardie dag sal sy voete op die Olyfberg staan, oos van Jerusalem.”

Die terugkeer van Jode na Israel sedert die middel van die negentiende eeu, eers drupsgewys en toe later, in groot golwe in die laaste dekade van die negentiende eeu, is vir Christen-Sioniste 'n profetiese teken dat God sake op aarde in orde kry vir die koms van die Messias. Die stigting van 'n onafhanklike Joodse staat Israel in 1948, is vir hulle 'n teken dat God se plan vir die toekomstige vrederyk en die koms van die Messias alreeds in werking begin tree het.

Die voorstel van die Palestynse organisasie Hamas dat die hele Israel aan die Arabiere gegee moet word, is vir Christen-Sioniste nie alleen polities volkome onaanvaarbaar nie. Dit is vir hulle 'n verset teen God se plan om die millennium te laat kom. Daarenteen steun hulle Israel om hierdie grondgebied te behou as 'n plek waar Jode veilig kan wees en bymekaar kan woon, selfs al sou die Jode nog nie glo dat Jesus van Nasaret die Messias is nie. Vir Christen-Sionisme is dit 'n stap nader daaraan om die fisiese wêreld gereed te kry vir die koms van die Messias – en uiteindelik vir die openbaring van die nuwe hemel en die nuwe aarde.

Die Christen-Sionisme se teologie lei hulle dus daarheen om die Sionisme te steun – 'n beweging onder Jode wat in die 19de eeu begin het en wie se doel dit is om die land Israel as 'n veilige hawe te verseker vir Jode oor die hele wêreld. Hoewel daar onder Christen-Sionisme verskil van mening is, is baie Christen-Sioniste daarvan oortuig dat die grense van Israel bepaal moet word na aanleiding van die grense van Israel in Bybelse tye. Dié

grense het ook in Bybelse tye verander, maar baie Christen-Sioniste is oortuig dat die sogenaamde Wes-oewer van die Jordaanrivier, 'n gebied wat hoofsaaklik deur Palestynse Arabiere bewoon word, ook in beginsel aan Israel behoort en dus is hulle gekant teen die gedagte dat die Wes-oewer uiteindelik 'n onafhanklike Palestynse staat moet word. Weereens is die beweegredes hiervoor nie polities van aard nie, maar wel die Christen-Sionisme se teologiese oortuiging dat Israel as 'n fisiese land (sover moontlik volgens haar Bybelse grense) vir Jode oor die hele wêreld 'n veilige hawe moet wees.

Enkele Kritiese Opmerkings:

Hoewel dié chiliastiese uitleg deur die verklarende notas van die *Schofield-Bybel* groot steun in veral die VSA gekry het, veral vanuit evangeliese, pinkster- en charismatiese geleedere, het dit nie groot aanklank gevind in die tradisionele Protestantse denominasies nie. Die rede hiervoor is hoofsaaklik omdat die chiliastiese uitleg van die 1000-jarige vrederyk gebou was op 'n naïewe en onhistoriese lees van die boek Openbaring. Hiermee stem die meeste Protestante nie saam nie en aanvaar Openbaring as 'n brief van bemoediging aan sewe gemeentes in Klein-Asië in die tyd van vervolging van Christene deur die Romeinse Caesar (waarskynlik Domitianus, in ongeveer 96 nC). Dus, hoewel die steun vir 'n Bybelse regverdiging vir die steun vir die staat Israel in die Christen-Sionistiese kringe sterk is, is dit beperk tot 'n sekere sektor van die Protestantisme. By die meeste hoofstroom-Protestante, asook die Katolieke en Ortodokse kerk is daar soms wel politieke steun vir die staat Israel, maar dit is selde teologies gemotiveer.

Die rede vir die skynbare afwesigheid van teologiese besinning oor die posisie van Israel by die Katolieke en Ortodokse Kerke het waarskynlik te doen met die groot klem wat beide dié twee tradisies op die kerk lê, die kerk as die vervanging van die Israel van die Bybelse tyd as *Volk van God*.

Die meerderheid Protestantse Christene huldig waarskynlik dieselfde teologiese siening oor Israel – dat hulle God se volk in die Ou-Testamentiese tyd was, maar in die Nuwe-Testamentiese tydperk en daarna vervang is deur die Christelike Kerk (Christene).

3.2 Met die koms van Jesus Israel as fisiese volk se heilshistoriese rol tot 'n einde gekom het – antwoord van baie Protestante

Hierdie tweede posisie is die antwoord wat deur waarskynlik deur die meeste Christene aanvaar word.

Dié oortuiging is nie beperk tot 'n sekere kerkgenootskap of groep nie en kom wyd voor onder meeste kerkgenootskappe: Katoliek, Ortodoks, Protestants. Tog sou dit nie verkeerd wees nie om te sê dat die Lutherse tradisie en spesifiek hulle uitleg van die sin en betekenis van die Ou Testament, 'n groot rol in hierdie manier van Bybel-uitleg gespeel het.

In die Lutherse tradisie (dit wil sê, die tradisie wat sterk deur Martin Luther geïnspireer is, nie noodwendig Luther se eie mening nie) speel die wet/genade-beginsel 'n groot rol in hulle uitleg van die Bybel. Dié beginsel beklemtoon dat God se versoening soos geopenbaar in Christus se lewe, sterwe en opstanding in 'n sterk kontras staan teenoor die gedagte dat versoening met God bewerkstellig kan word deur die nakom van die wet. Laasgenoemde is 'n futiele poging om God se genade te verdien deur 'n nougesette nakom van die wet van Moses, of enige ander morele wet, soos byvoorbeeld die Tien Gebooie. Volgens hierdie uitleg-tradisie is die Ou Testament hoofsaaklik 'n geskiedenis van die volk Israel se futiele en mislukte poging om God se genade te verdien deur die stiptelike nakoming van die wet van Moses – 'n poging wat treurig misluk het. Daarom dat die Lutherse Nuwe Testamentikus Rudolf Bultmann, in die 20ste eeu na die Ou Testament verwys het as 'n "geskiedenis van mislukkings" – om meer presies te wees: 'n geskiedenis van die volk Israel se mislukkings.

Volgens hierdie uitleg-tradisie is die hoofrede dus waarom Christene nog die Ou Testament lees en daaruit preek, nie soseer om iets van God se genade te leer nie, maar juis die teenoorgestelde: om te leer hoe God se genade *nie* werk nie. Die Ou Testament moet steeds deel van Bybel bly en dit moet steeds 'n rol in die Christelike tradisie speel – maar dit sal hoofsaaklik 'n negatiewe rol wees: om te leer hoe God se genade *nie* werk nie. Dit is (volgens

dié tradisie) juis waarom Martin Luther hom teen die leer van die 16de Katolieke Kerk in opstand gekom het: die Katolieke Kerk het destyds nie verstaan hoe die Ou Testament en die wet van Moses na Christus uitgelê en verstaan moet word nie – daarom het hulle uiteindelik ook, soos Israel in Bybelse tye, verval in 'n dwaalleer van God se genade wat deur die hou van wette en reëls verdien moes word.

Daarteenoor het die Hervorming die goeie nuus van die evangelie erken: *solia gratia Dei* – die genade van God alleen. Hierin het die twee oudste tradisies in die Protestantisme – die Lutherse en die Calvinistiese tradisies – saamgestem. Oor 'n belangrike punt het hulle egter verskil: oor hoe die Ou Testament oor die genade van God praat¹.

In die algemeen het diegene in die Lutherse tradisie 'n meer negatiewe siening oor die bruikbaarheid van die Ou Testament vir Christene gehad. Om die wins van die Reformasie nie te verloor nie – het hulle beklemtoon – is dit nodig dat Christene die Ou Testament reg/korrek sal lees. En die regte manier is om die Ou Testament te lees, is om dit te lees as 'n geskrif wat vir ons vertel hoe God se genade *nie* gevind sal word nie. Die Ou Testament, wat in wese die verhaal van God se omgang met die volk Israel is, vertel van Israel se mislukte soektog na God se genade. By die lees van die Ou Testament (en dus van die geskiedenis van Israel) behoort Christene in die eerste plek te leer oor hoe God se genade nie gesoek moet word nie – definitief nie deur die wet te onderhou nie, want hierin het Israel klaaglik misluk.

Net soos die Lutherse tradisie skepties was oor die bruikbaarheid van die Ou Testament, was hulle ook skepties oor die bruikbaarheid van die wet van Moses vir Christene. Die Calviniste het drie gebruike van die wet erken: die wet as middel om wetteloosheid in die samelewing te beperk (die burgerlike gebruik), die wet as middel om die sondigheid van die mens te ontbloot (pedagogiese gebruik) en die wet as reël van dankbaarheid (die normatiewe gebruik). Die Lutherane het saamgestem met die eerste twee gebruike – wat altwee negatiewe funksies van die wet was, maar het nie saamgestem dat die wet 'n positiewe gebruik, as reël van dankbaarheid, dus as riglyn vir die lewe kon hê nie.

Dit is dus net logies dat die Lutherse tradisie se meer kritiese houding teenoor die wet 'n invloed sou uitoefen op hulle lees van die betekenis van God se roeping van en beloftes aan Israel. Daarteenoor het die Calviniste meer positief gestaan het teenoor die gebruik van die wet vir Christene en ook teenoor geskiedenis van God se getrouheid aan Israel, ten spyte van Israel se sondes en mislukkings. En anders as die Lutherane het die Calviniste oog gehad vir God se verbond met Israel, wat die simbool was van God se getrouheid wat groter was as Israel se ontrou.

Ons sien dus dat dat ten spyte van die baie ooreenkomste tussen die twee oudste uitleg-tradisies in die Protestantisme, daar 'n beduidende verskil was in hulle waardering van Israel se geskiedenis: die Lutherse tradisie het die klem geplaas op Israel se onvermoë om die wet te hou en so God se genade te verdien, die Calvinistiese tradisie het hiermee saamgestem, maar steeds beklemtoon dat Christene meer uit die Ou Testament kon leer as dat werkgeregtigheid deur wetsonderhouding futiel was. Hulle kon uit die Ou Testament leer dat God aan sy verbond getrou sal bly, soos Hy aan sy verbond met Israel getrou gebly het.

In die Protestantse kerke was dit uiteindelik die Lutherse tradisie wat die meeste invloed uitgeoefen het op ander Protestantse tradisies soos die Metodisme, die Baptiste en evangeliese rigtings. Daarom is dit vandag so dat vir die meeste gewone Protestante die Ou Testament hoofsaaklik daardie deel van die Bybel is wat vertel van Israel se ontrouheid en pogings tot werkgeregtigheid – daardie deel van die Bybel wat vertel hoe God se genade nie deur werkgeregtigheid bekom kan word nie. Die Katolieke en Ortodokse Kerke het wel nie die Lutherse afkeer aan die wet nie gedeel nie, maar vir hulle was die klem wat hulle eie tradisies gelê het op die kerk as beliggaming van God se mense, waarskynlik deurslaggewend: die kerk het Israel vervang as God se sigbare volk.

¹ Hier word in die algemeen oor die twee tradisies, die Lutherse en Calvinistiese, gepraat. Individuele Lutherse en Calvinistiese teoloë het natuurlik hulle onderskeie posisies meer genuanseer gedefinieer.

Wat die vraag betref of die volk Israel self nog enige rol in die heilsgeskiedenis te speel het, is die antwoord van waarskynlik die meeste Christene dus nee – die kerk het die plek van Israel ingeneem en die beloftes van God se getrouheid aan Israel is, na die koms van Jesus as die Messias, nie meer geldig nie.

En tog was daar, veral sedert die Reformasie, wel 'n Christelike tradisie wat meer geneë was om die Ou Testament en God se geskiedenis met Israel anders te lees – die Calvinistiese tradisie. Die volgende paragraaf verduidelik dié standpunt.

3.3. God bly getrou aan sy verbond met Israel – antwoord van sommige Calviniste

Anders as die Lutherane het die Calviniste Israel se geskiedenis nie *net* as 'n reeks mislukkings gelees nie, maar eerder as 'n getuigenis van God se getrouheid. Hieruit volg dan hierdie derde posisie met betrekking tot die vraagstuk van die (fisiese) herstel van Israel, al dan nie. Die agtergrond daarvoor is duidelik: die Calvinisties-gereformeerde tradisie het veel meer positief gestaan teenoor God se beloftes en sy verbond met Israel. Die verbond sou vir hulle 'n sleutel wees om die Ou Testament te verstaan – en die een ding wat die verbond beklemtoon het, was dat God se getrouheid groter was as Israel se ontrou.

3.3.1 Karl Barth: God bly aan Israel getrou, ten spyte van hulle ontrou

In die twintigste eeu is dié tema – God se getrouheid is groter as sy volk se ontrou – nêrens met groter geesdrif besing nie as deur die gereformeerde Switser Karl Barth. Hy skryf uitvoerig hieroor in sy reeks, *Church Dogmatics, afdeling 7: God se verkiesing* en spesifiek die 60 bladsye wat handel oor “Israel and the Church” (CD vol 2, par 34.1).

God, skryf Barth, het Israel gekies, nie omdat hulle 'n slim of godvrugtige volk was nie, maar enkel en alleen uit sy genade. Nog voor daar 'n volk Israel was, roep God Abraham, 'n half-heidense woestynbewoner en belof om sy God te wees en Abraham en sy kinders sy volk te maak – waaruit die mense van die hele wêreld geseën sal word. Hierdie verkiesing van Israel is op geen manier 'n erkenning van Israel se godsaligheid nie:

“It is not an obedient but an obdurate people that He chooses. He does not choose a people which has something to give Him but one which has everything to receive from Him... He burdens Himself with rebels and enemies and at the same time with their merited fall” (Barth 1957:206).

God begeer natuurlik dat Israel teenoor haar verkiesing met dankbaarheid en gehoorsaamheid sou reageer en dus die Here se wet sal gehoorsaam. Maar wanneer dit dikwels in die geskiedenis van Israel nie gebeur nie, verbreek God nie die verbond wat Hy met Israel gesluit het nie (Barth 1957:207). Selfs al wil Israel uit pure dwaasheid en grootwaan uit God se beskerming en trou probeer ontsnap en hulle teen hulle eie verkiesing verset, kry hulle dit nie reg nie: “But God does not wait till Israel is obedient before employing it (Israel) in His service” (Barth 1957:207).

Die Here het 'n plan met Israel, ten spyte van hulle ongehoorsaamheid: uit Israel, uit die stam van Dawid word gebore die Messias, Jesus van Nasaret, God wat mens geword het – God se instrument om redding en versoening tussen God en mens te bring. Selfs al erken Israel self nie Jesus as die Messias, stuit dit nie God se gang van genade nie:

“Israel's unbelief cannot in any way alter the fact that objectively, and effectively... it is the people of its arrived and crucified Messiah... They can continually ratify the sin of this betrayal by failing to recognise the hand of God, but....They can do nothing to hinder the application and objective validity even for themselves of testimony of God's grace... They cannot deny or prevent the fact that even in and with that obduracy they stand in the realm of God's power” (Barth 1957:209-210)...

Selfs Israel se ongeloof en ongehoorsaamheid maak nie God se verbondsbeloftes aan sy volk Israel tot niet nie: God se beloftes aan Israel bly steeds geldig. En selfs al glo die groot meerderheid van Israel nie dat die God in

Jesus na hulle gekom het nie, kan Israel nie ontken dat die Verlosser uit hulleself gebore is nie. Hulle ongeloof in Jesus maak nie die feit ongeldig dat God Israel gebruik om die Messias en Verlosser aan die wêreld te skenk nie.

“They cannot prevent the fact that even in and with their obduracy they stand in the realm of this work of God’s power... They cannot deny that Jesus of Nazareth is – primarily and supremely – theirs” (Barth 1957:210).

Israel het die genadewoord van God in Jesus gehoor, maar nie gehoorsaam nie. Israel meen om self die gebroke verhouding met God te herstel. Hulle is oortuig hulle kan dit doen. Hulle is blind vir die mag en diepte van sonde en so bring hulle God se straf op hulleself (Barth 1957:236), maar nogtans word God se verbond met Israel nie verbreek en nie – en daarom sal Israel steeds ’n werktuig in die hande van die Here wees:

“It (Israel) cannot evade the service for which it is determined. It cannot make itself sterile for God... The promise, however, suffers no harm at all because it is only heard and not believed by Israel. Israel cannot by any breach of the covenant annul the covenant of mercy which God has established... It cannot by its own unfaithfulness turn God’s faithfulness into its opposite. It cannot nullify the eternal benefit offered to it in God’s Word... Nor can Israel do anything to alter the fact that this promise is given and applies to itself, that in and with the election of Jesus Christ it and not other is God’s elected people, and that in and with the man Jesus it is the sphere in which God wills to make its promise true...

It (Israel) can resist the gracious favour of God, but it cannot turn it into disfavour... It cannot infringe on God so deeply that He ceases to be God, or even to be its God (Barth 1957:237).”

Israel se weiering om in Jesus as die Messias te aanvaar, beteken dus nie die einde van God se beloftes en verwagtinge van Israel nie. Nee, Israel is steeds God se geroepe volk, waaruit die Messias liggaamlik gebore is. God laat sy geroepenes nie so maklik gaan nie.

Maar waarop sou God se getrouheid aan sy verbond met Israel uitloop? Dat Israel êrens in toekoms deur ’n massabekering tot geloof in Jesus as die Messias sal kom? Dat “geheel Israel” gered sal word, dit wil sê, daardie Jode wat God verkies het om tot geloof te kom? Dat Israel sonder ’n uitgesproke geloof in Christus, wel deur God se trou aan sy ou verbond met Israel gered sal word? Of sou Gods trou daartoe lei dat God Israel as fisiese volk steeds in stand sal hou, in die land Israel, selfs tot twee duisend jaar nadat Israel Jesus as die Messias verwerp het?

Hieroor is daar nie eenstemmigheid by die uitleggers van Barth se teologie nie – deels omdat Barth nie so uitdruklik hieroor skryf nie en tweedens, omdat hy moontlik in die dertig jaar wat sy reeks *Church Dogmatics* geskryf is, van opinie verander het. Met ander woorde, dat hy in 1959 anders oor Israel gedink het as in 1942.

Laasgenoemde het inderdaad plaasgevind. Volgens Mark Lindsay, in sy boek *Israel and Jesus: Karl Barth’s Theology of Israel* (2010), is Barth – volgens dit wat hy in 1959 in die *Church Dogmatics*-afdeling oor die *Leer van Versoening* skryf, van mening dat God se getrouheid aan Israel so sterk was dat Jode met God versoen kon word, sonder geloof in Jesus as die Messias en Heer. As hierdie waarneming van Lindsay waar is, sou dit ’n duidelike bewys wees van hoe Barth wel met tyd sy opinie oor Israel verander het – want in die *Church Dogmatics*-afdeling oor die *Verkieping van God*, wat Barth in 1942 geskryf het, skryf Barth wel met groot erns oor God se getrouheid aan sy verbond met Israel, maar maak hy dit nogtans duidelik dat versoening met God geskied deur geloof in Christus se menswording, lewe, kruisiging en opstanding.

Daar is egter ander lesers van Barth wat hom anders interpreteer as Lindsay. Hulle redeneer so: In Barth se hele teologie is God se openbaring in en deur Jesus Christus die lens waardeur hy na God se handelinge kyk. Barth se teologie rus op die fondament dat ons God net uit geloof kan ken – geloof in hoe Hy homself aan ons openbaar – en Barth beklemtoon dit oor en oor dat hierdie openbaring slegs deur die menswording, lewe, kruisiging en opstanding van Christus geskied. Dit is moeilik om te dink dat Barth sou meen dat die Jode se verhouding tot die God van Abraham buite-om Christus sou kon geskied.

Maar dit is nie die vraag waarmee ons hier mee te kampe het nie. Die vraag waarop hier gefokus word, is of Barth se klem dat God sy verbondsbeloftes aan Israel sal hou, ook inhou dat die hand God in die 20ste eeu die land Israel aan die volk Israel besorg het? Was die stigting van die staat Israel in 1948, net na die Tweede Wêreldoorlog en na die *holocaust* (Hebreeus: *sjoa*), te danke aan die voorsienigheid van die God van Abraham, Isak en Jakob? Is daar dus teologiese waarde te sien in die feit dat die volk Israel weer in die historiese land Israel gevestig is? En as dit so is – naamlik dat die moderne volk Israel weer die land Israel as ‘t ware uit die hand van die God ontvang het, watter implikasies het dit vir die vraag oor wie in die 21ste eeu die reg het om in die land Israel te woon?

Die vraag is dus: hou God se getrouheid aan sy verbond met Israel (ten spyte van hulle sondes) in dat die volk Israel weer in die land Israel hervestig sou word? Om dit konkreet te stel: Was die stigting van die staat Israel in 1948 bloot ‘n belangrike geskiedkundige gebeurtenis - of kan gelowiges dit lees as God se ingrype in die verloop van die geskiedenis?

3.3.2 Karl Barth oor God se getrouheid aan Israel – soos blyk uit hulle vestiging in die land Israel?

Daar is wel twee besware teen die bewering dat Barth Israel se stigting gesien het as deel van God se beskikking: Eerstens – hoekom het hy niks hieroor geskryf in die 60 bladsye in *Church Dogmatics-afdeling 7: God se verkiesing* nie, die gedeelte waarin hy so uitvoerig oor God se trou aan sy verbond met Israel skryf nie? Die antwoord hierop is egter eenvoudig: Daardie gedeelte van *Church Dogmatics* is in 1942 voltooi toe Barth in Switserland gewoon het. Op daardie stadium was dit wel toe bekend dat die Hitler-bewind anti-Joods was. Gerugte van martelings van Jode het reeds die rondtes begin doen het – maar die volle waarheid van die *Holocaust/Sjoa* was nog glad nie bekend nie – nog minder sou Barth en sy lesers kon dink dat vyf jaar na die publikasie van sy boek, die staat Israel amptelik gestig sou word. Dit verklaar waarom daar geen verwysing na die staat Israel in die *Church Dogmatics afdeling 7* was nie en dat Barth geen teologiese interpretasie oor die staat Israel gegee het nie – want daar was nog geen staat Israel in 1942 nie.

Die tweede beswaar teen die gedagte dat Barth die stigting van Israel as God se ingrype in die geskiedenis sou gesien het, is die bekende feit dat Barth baie versigtig was om enige greep van die menslike geskiedenis as God se ingrype te beskryf. Barth was baie sterk gekant teen dit wat hy “natuurlike teologie” genoem het – hy was gekant daarteen dat ‘n mens van God se bestaan oortuig kon word deur bewyse uit die natuur of uit die geskiedenis. God kan net geken word deurdat Hy homself aan ons as mense openbaar – en daardie openbaring geskied deur sy Woord en Gees. Die hele raamwerk van sy teologie was sodanig dat krities was teenoor enige bewyse in die natuur van God se bestaan of in historiese gebeurtenisse. Dit het net nie ingepas in Barth se teologie om die “hand van God” so maklik te sien in enige historiese gebeure, soos byvoorbeeld die stigting van Israel nie.

Die probleem met hierdie tweede beswaar is dat Barth wel, ten spyte van sy terughoudendheid om die “hand van God” in die menslike geskiedenis te sien, presies dit van die staat Israel gesê het.

Toe die staat Israel in Mei 1948 gestig is, het Barth die ervaring beskryf soos “om ‘n ou kaart te sien lewendig word” (Lindsay 2009:79). In dié tyd skryf Barth juis aan sy *CD III/3, Die Leer van die Skepping*, waarin hy ook oor God se voorsienigheid skryf. Ten spyte van sy onwilligheid om te gou van God se voorsienigheid te praat, voel Barth in 1948 “gedring om die stigting van die staat Israel as ‘n tydlike teken van God se voorsienigheid gesien” (Lindsay 2009:88). In *CD III/3* gee Barth toe dat, ten spyte van sy wantrou in enige openbaring van God se werk buite die Bybel, daar tog “tekens en getuies” van God se genade in die wêreldgebeure te sien is – soos byvoorbeeld die geskiedenis van Israel (*CD III/3*, bl 199). Die voortbestaan van die Jode bly vir enige leser van die geskiedenis ‘n “raaisel”, volgens Lindsay (2009:106) “insofar as it bears witness to the overriding truth of God’s sovereign rule that is nonetheless hidden from direct human perception”. Oor hierdie raaisel in die geskiedenis skryf Barth in *CD III/3*, bl 211:

In spite of the destruction and persecution and above all the assimilation... the Jews are still there, and permanently there... not often loved... usually despised for some obscure reason, and kept apart,

and even persecuted and oppressed by every possible spiritual and physical weapon, and frequently exterminated in part; yet always and everywhere surviving...

In Julie 1967, 'n maand na die Ses Dag-oorlog, spreek die Werkskomitee van die Praagse Christelike Vredeskongres hulle uit teen die staat Israel se verdediging van sy grense tydens die oorlog. Barth kritiseer dié standpunt in die openbaar as wat hy beskryf as 'n "negatiewe stellingname teenoor die bestaanstryd van die staat Israel" (Lindsay 2009:121). Daarom kom Lindsay (2009:121) in sy boek oor Barth se teologie van Israel tot die konklusie:

His theology of election and providence, especially as it relates to the continuation of Israel's history as a particular sign and witness to the overarching governance of God is exactly what enabled him to stand in such close solidarity to the Jewish people, both during the period of Nazi persecution and in their struggle against Arab aggression.

Karl Barth was nie die enigste gereformeerde teoloog in die 20ste eeu wat oortuig was dat God se getrouheid aan Israel nie met die koms van Jesus as die Messias en Heer tot 'n einde gekom het nie. Hy was egter waarskynlik die mees invloedryke teoloog in hierdie verband. Weens gebrek aan ruimte kan hier slegs kortliks verwys word na teoloë – meestal uit gereformeerde kringe – wat hulle met God se verbond met Israel besig gehou het.

3.3.3 Jürgen Moltmann

Moltmann se hele teologie is deurdring met 'n deernis vir diegene wat deur die politieke, ekonomiese en godsdienstige ideologieë benadeel is en met die oortuiging dat die Christelike teologiese denke daartoe moet bydra dat geregtigheid, veral teenoor swakkes en benadeeldes, moet geskied. As Duitse gereformeerde, wat as tiener opgekommandeer is om in die laaste stuiptrekkings van die Nazi-Wehrmacht te dien, is hy van oortuiging dat die teologiese nadenke, na die *Sjoea (holocaust)* nie die kwessie van Israel kan ontwyk nie. Hy verwys dikwels na Israel in sy boeke. In sy *Kirche in der Kraft des Geistes* (1975) behandel die onderwerp *Kerk en Israel* (153-171).

Moltmann, wat bekend geword het vir sy boek *Teologie van die Hoop* (1964) argumenteer dat die kerk net van egte hoop kan praat indien sy besef dat dit ook hoop vir die wêreld en hoop vir Israel moet wees (1975:154). Hy vergelyk twee kerklike dokumente wat dit na die Tweede Wêreldoorlog wou doen – Vatikaan II se *Verklaring oor die verhouding tussen die Kerk en die nie-Christelike Godsdienste* (1966) en artikel 17 van die *Nederlandse Hervormde Kerk se Kerkorde* (1949-1951)². Albei verklarings is daarop gemik om Israel met respek te behandel, maar waar die Katolieke Kerk die Judaïsme steeds as een van die "nie-Christelike godsdienste" behandel, erken die Hervormde Kerk Israel se "besondere posisie" (Sonderstellung)³. Moltmann skaar hom by dié posisie. Dit is, na sy mening, gefundeer op die Bybelse tema van God se trou aan sy verbondsvolk, bevestig in die NT deur Paulus se argument in Rom 9-11 dat Israel wel tydelik, deur sy verwerping van Jesus as die Messias, opsy gestoot is, maar dat God se trou 'n "weeraanname en redding" (1975:168) vereis. "Volgens die getuienis van die apostel Paulus is die Jode steeds die ontvanger van God se liefde steeds die voorwerp van God se liefde; God se

² Afrikaanse vertaling van artikel 17 lui: 1) Aangesien God se genadegawe en roeping Hom nie berou nie, glo ons dat die volk Israel, deur wie God alle geslagte op aarde wil seën, deur Hom nie verstoot en verlaat is nie. Dit is wel so dat Israel tydelik deur God verwerp is en die lig van God se heil na die heidene gekeer is. Hierdie strafgerig van God bestaan daarin dat Israel toegelaat is om die weg te wandel wat hulle self gekies het – die weg waardeur die mens sy eie selfregverdiging deur die Wet bewerk en daardeur die bevrydende boodskap van genade verloor, naamlik Christus Jesus. 2) So leef Israel dus onder volke as teken en spieël van God se strafgerig. Maar Israel se voortbestaan as volk sowel as die bekering van elke enkele Jood is 'n voorteken en onderpand van Israel se versoening. Vir sy ou volk het God nog steeds 'n toekoms. Israel bly die volk van die belofte en die volk van die Messias. Wie daaraan aanstoot neem, neem aanstoot aan God se soewereinde handeling, die heil wat Hyself aan Israel skenk. Wie dit aantast, tas God se welgevalle aan en sal God se strafgerig nie ontgaan nie. 3) Solank Israel nie met sy Messias versoen is nie, is die gemeente van Jesus Christus is nog nie ten volle volwasse nie en het die koninkryk van God nog nie ten volle tot openbaring gekom nie. Die wanneer en hoe hiervan weet God alleen – sodat Israel en die volkere van die wêreld die vrye genade van God kan leer ken..."

³ Artikel 17, lees by voetnota 2.

genadegawe en sy roeping is onherroeplik” (Moltmann 1975:167). Daarom roep God se trou aan Israel die hoop by die kerk op. Die kerk is geroep om Israel jaloers te maak om in die Messias te glo en Israel is geroep om die kerk jaloers te maak om te hoop (1975:170).

3.3.4 Hendrikus Berkhof

Hendrikus Berkhof, voor sy dood professor in Leiden en lidmaat van die Nederlandse Hervormde Kerk, wei ’n hele hoofstuk in sy dogmatiek, *Christeljk Geloof*, aan “Israel”. Dit is deels te danke aan die invloed van Berkhof, Anton van Ruler⁴ en hulle voorganger Miskotte⁵ dat in die Hervormde Kerk dat daar in dié kerk diep nagedink is (veral na die Tweede Wêreldoorlog) is oor Israel se teologiese betekenis – en dat die Hervormde Kerk se Kerkorde na die oorlog en die *holocaust* oorgeskryf is, insluitende die bekende art 17 waarna Moltmann verwys. Latere bydraes van Nederlanders van ander Gereformeerde kerke het die gesprek oor Israel steeds aktueel gehou – byvoorbeeld die bydraes van Graafland⁶ en Schoon⁷.

Berkhof is van mening dat Christelike teologie, wil dit eerlik en relevant wees na die holocaust, verplig is om twee fundamentele werklikhede te erken: a) dat Jesus deur die God van Israel gestuur is en dat hy aan die wet van Moses gehoorsaam was en b) dat Jesus deur die leiers van Israel verwerp is omdat hulle oortuig was dat Jesus in stryd met die wet van Moses opgetree het. Berkhof wys op die gevaar die kerk die voorbeelde van die 2de eeuse Marcion en die 19de eeuse geleerde Adolf von Harnack sou navolg – beide was van mening dat vir die Christelike geloof die Ou Testament en daarmee God se openbaring in die sy handeling met Israel, irrelevant was. In die kerk van die 20ste eeu (Berkhof is in 1995 oorlede) was dit, volgens Berkhof, ’n voortdurende probleem. Dit is vir die kerk teologies noodsaaklik om in gesprek met Israel te tree, meen Berkhof, vanuit die erkenning dat die kerk die God van Israel aanbid en dat die gesprek met Israel dus ’n gesprek is van ’n ander orde as die kerk se gesprekke met ander godsdienste. Die kerk moet “een voortdurende eigen weg van God met Israel” (1973:280) in hierdie gesprek erken. Die kerk moet Israel dus as ’n gelyke gespreksgenoot ontmoet en in die gesprek moet die kerk nie net praat nie, maar ook bereid wees om te luister. Juis die “onuitroeibare fenomeen Israël” (Berkhof 1973:280) mag die kerk dwing om Paulus se raad te volg – om Israel jaloers te maak en so sommige te red (Rom 11:11,14).

Terselfdertyd sal die kerk nie anders kan om Israel se kritiek op die Christelike geloof aan te hoor nie: As Jesus inderdaad die Messias en dus die Verlosser is, waarom is die wêreld steeds so “onverlos” (Berkhof 1973:279)?

3.3.5 Kerke in Gereformeerde tradisie bevestig hulle oortuiging van Israel se besondere posisie

Dit was veral Nederlandse kerke van die Gereformeerde tradisie wat hulle sterk uitgespreek het ten gunste van die standpunt dat die bestaan van die volk Israel steeds na Christus van heilshistoriese belang is.

Die *Nederlandse Hervormde Kerk* het in sy Kerkorde van 1949 oor Israel verwys, toe ’n studie in 1959 gedoen oor “Israël en de kerk”, waar weer eens na Israel verwys is as ’n “teken van Gods trouw”. Uiteindelik lei dit tot ’n wysiging in die Kerkorde in 1970, waar hulle die “verbondenheid met het volk Israël” bevestig het. In 1988, na kritiek van Palestynse Christene, is hierdie klousule in die Kerkorde weer krities bekyk, maar weer eens bevestig, met byvoeging dat dit ook noodsaaklik is om te luister na die “stem van de christenen in het Midden-Ooste”⁸.

⁴ Arnold van Ruler behaal sy sy doktorsgraad in 1947 oor die *Vervulling van die Wet* en beklemtoon deurentyd as predikant en later as professor aan die Universiteit van Utrecht die belangrike rol van die Ou Testament in die lewe van Christene. Hy was diep onder die indruk van God se openbaring in die lewe van Israel en oortuig dat dit noodsaaklik was dat Christene God se verbondenheid met die volk Israel, ook na Christus, waardeer. Van Ruler, tesame met Berkhof, speel ’n belangrike rol in die skryf van die Hervormde Kerk se Kerkorde in 1949/1951 na die Tweede Wêreldoorlog, wat die bekende art 17 oor Israel insluit.

⁵ KH Miskotte 1956: *Als de gode swijgen: over het zin van het Oude Testament* en 1970: *Das Judentum als Frage an die Kirche*.

⁶ Graafland, C. 1978: *Het vaste verbond: Israël en het Oude Testament bij Calvijn en het Gereformeerd Protestantisme*.

⁷ Schoon, S. 1994. “Israël en mislukte proeftuin? De betekenis van die geschiedenis in die theologie van H. Berkhof

⁸ PEN bl 26

Die *Gereformeerde Kerken in Nederland* het, in respons op die destydse gesprek in Nederland oor die posisie van die volk Israel na Christus en in die lig van die stigting van die staat Israel, in 1962 besluit dat daar by hulle as Christelike kerk 'n "onopgeefbare verbondenheid met het volk Israël"⁹ bestaan en in 1973, net na die Joom Kippoer-oorlog tussen Israel en sekere Arabiese lande, besluit:

"De generale Synode van die Gereformeerde Kerken betuigt vanuit het geloof in de God van Abraham, Izaak en Jacob haar verbondenheid met het Joodse volk, nu het zich zo in zijn bestaan bedreigt weet"¹⁰.

Die *Protestantse Kerk in Nederland* (nadat bogenoemde twee kerke en die Lutherse Kerk in Nederland in 2003 een geword het), weer oor die nuwe kerk se verhouding met Israel gepraat en of so 'n verklaring deel van hulle nuwe kerkorde moet wees. Uiteindelik het hulle in 2003 besluit:

De kerk is geroepen gestalte te geven aan haar onopgeefbare verbondenheid met het volk Israël. Als Christus-belijdende geloofsgemeenschap zoekt zij het gesprek met Israël inzake het verstaan van de Heilige Schrift, in het bijzondere betreffende de komst van het Koninkrijk van God¹¹.

Die *Rynlandse Sinode van die Evangelische Kirche in Deutschland (EKD)* is 'n sinode bestaande uit gereformeerde gemeentes. Dié sinode het in 1980 besluit dat "verhouding van Christene en Jode... van fundamentele belang is vir die self-verstaan en welwese van die Christelike kerk self"¹² – met ander woorde, die bestaan van die volk Israel is nie net 'n objek van sending nie, maar ook 'n gemeenskap wat vir kerk van teologiese waarde is.

Die Algemene Sinode van die *Presbyterian Church in the USA (PCUSA)* het in 1982 besluit en in 1987 bevestig: die PCUSA "uniquivocally stated its commitment to the 'irrevocable' election of both Jews and Christians"¹³. Sommige kerke het so sterk hiermee saamgestem dat hulle die oortuiging uitgespreek het dat dit daarom nie meer nodig was om die evangelie aan Jode te bring nie, byvoorbeeld die United Church of Canada¹⁴.

Uit die hierdie verwysings blyk twee dinge duidelik: *Eerstens*, daar is Christene en kerke wat glo dat Israel steeds deel is van God se heilshistoriese ontvouing¹⁵ – wat nie dieselfde is as die Christen-Sioniste met hulle biblisistiese en onhistoriese manier van die Bybel lees nie.

Tweedens, meeste van hierdie Christene wat steeds glo Israel het 'n rol te speel in God se heilshistoriese plan, is Christene wat in die Calvinisties-gereformeerde tradisie staan. Hulle glo dat God Israel nie finaal verwerp het nie omdat vir hulle God se verbondstrou 'n sentrale sleutel is vir die ontsluiting van en verstaan van die Bybel. Hulle glo dat God steeds getrou aan sy verbondsbelofte met Israel bly en dat om daardie rede God op een of ander manier sy trou aan Israel sal bevestig – oor presies hoe, daarvoor is daar verskil van mening.

⁹ PEN bl26

¹⁰ PEN bl 27

¹¹ PEN bl 26

¹² Lindsay, 2009:21.

¹³ Lindsay, 2009:22

¹⁴ Lindsay, 2009:22

¹⁵ Terwille van volledigheid, moet een uitsondering genoem word: die studiestuk van die (Presbiteriaanse) Church of Scotland, *The inheritance of Abraham?* (Mei 2013). In die dokument se teologiese besinning is daar geen aanduiding hoegenaamd dat dit 'n Gereformeerde kerk is vir wie die verbond en God se trou van besondere belang is nie. Daar is geen interaksie of bewussyn dat dit 'n kerk is wat in 'n gereformeerde tradisie staan nie. Slegs twee teoloë word met instemming aangehaal – Naim Ateek, Palestynse teoloog en Munib Younan, biskop van die Lutherse Kerk in die Heilige Land. As beginsel vir nadenke geld die mantra dat geen stam, volk of nasie bo ander bevoordeel mag word nie en daarom is dit nie 'n verrassing dat die stuk geen moontlikheid hoegenaamd sien dat God vir Israel steeds sou kon gebruik nie – en tog wel geroepe voel om te sê dat daar geen hoop op versoening in Israel kan wees vir solank die "militêre okkupasie" van die Wes-oewer deur die Israelse weermag voortduur nie.

3.3.6 Nadenke in die NG Kerk-familie

Op sinodale vlak van die NG-familie self is daar, sover ons kennis strek, nie so prinsipiëel oor die rol van Israel na Christus nagedink nie. Daar was wel teoloë wat hulle hieroor uitgespreek het, maar soms slegs baie terloops. So byvoorbeeld, handel prof **Johan Heyns** in sy *Dogmatiek* die kwessie van Israel na Christus in drie sinne af. In hoofstuk 13 behandel hy “Die Kerk” en sê dan oor Israel, sonder enige verdere verduideliking of argumente:

“God wil God wees vir alle mense en Hy wil sy uitverkorenes uit alle volke vir Hom tot ’n volk vergader. Daarmee verdwyn Israel nie as ’n etnies-nasionale entiteit nie, maar tot hierdie volk staan die kerk in geen ander verhouding as tot enige ander moderne volk nie. Die heil het immers begin sonder Israel, loop wel deur Israel, maar eindig ook weer sonder Israel..”

Prof **Adrio König** beklemtoon in sy proefskrif¹⁶ dat Christus die sleutel is waarmee ons God se openbaring moet verstaan. Hy erken die rol wat Israel in die ou verbond gespeel het en verstaan Paulus se skrywe in Rom 11 as God se belofte dat nog meer Jode tot geloof in Jesus as die Messias en Here sal kom. Hy beklemtoon tereg dat Paulus nie praat van bekering aan die einde van tyd nie, maar ’n deurgaanse tot geloof kom in Jesus (1971:12). Verder sê König dat die Jode se redding waarvan Rom 11:26 praat nie ’n ander soort redding is as die waardeur enige nie-Jood tot geloof kom nie.

Tereg skryf König dat *kai houtos pas Israel sóthésetai* in Rom 11:26 nie vertaal moet word met “*en dan* sal die hele Israel gered word” nie, maar wel met “*en so* sal die volle getal van Israel gered word.” Die klem val daarop dat, volgens Paulus, Israel net soos die heidene gered sal word – deur geloof alleen en nie met ’n wonderbaarlike eenmalige bekering net voor die wederkoms nie. Daarin is König reg, maar dit is tog vreemd dat hy skynbaar nie Paulus se groter argument in Rom 9-11 raaksien nie, naamlik dat Paulus skryf dat al het die groot meerderheid van sy mede-Jode nog nie tot geloof in Jesus gekom nie, sal dit wel gebeur – want God bly getrou aan sy verbond; juis daarom sluit hy sy argument af met ’n loflied oor God se trou: “As God eenmaal aan mense sy genadegawe geskenk en hulle geroep het (*soos hy Israel geroep het*, sou ons kon invoeg), trek Hy dit nooit weer terug nie (Rom 11:29)”. Om een of ander rede sê König niks hieroor nie en maak hy dus geen gevolgtrekking ten opsigte van God se getrouheid aan Israel nie.

In Julie 1967, skaars ’n maand na die Sesdaagse Oorlog, word prof **PA Verhoef** se *Israel in die Krisis* gepubliseer. Volgens die agterblad beantwoord Verhoef in die boek antwoorde op “veelomstrede vrae” soos: “Is Israel nog die uitverkore volk? Sal Israel ’n massabekering ondervind?” Verhoef se antwoorde is duidelik: Nee, Israel is nie meer die uitverkore volk nie. Nee, Israel sal nie ’n massabekering ondergaan nie. Hy argumenteer as volg:

1. *Selfs in die Ou Testament is die fisiese Israel nie die ware Israel nie; die “oorblyfsel” van Israel is die ware Israel:* Selfs in die Ou Testament was nie die hele Israel ingeskakel by God se verbond nie, maar net ’n deel van Israel – diegene wat in ’n geloofsverhouding tot God gestaan het. Nie almal wat uit Israel is, is Israel nie. Daarom is, sê Verhoef (1967:68), “kan ons tog... sê dat die verkiesing (van Israel) nie buite die verhouding van ’n opregte geloof in God sinvol is nie” - met ander woorde: daardie Israëliesete met ’n opregte geloof, is die Israel met wie God sy verbond maak – die res van die Israëliesete is nie deel van Israel nie. “Die feit is dat nie almal Israel is, wat aan Israel behoort nie... (dat) nie almal Israel is wat uiterlik aan hierdie volk behoort nie... om ’n vleeslike afstammeling van Abraham te wees, beteken nog nie om aan die ware Israel te behoort nie!” (Verhoef 1967:69). Daarom is God se trou aan Israel nie van toepassing op die hele Israel nie, maar wel op die oorblyfsel van Israel – met ander woorde, daardie Israëliesete wat in God geglo en sy wette nagekom het¹⁷.

¹⁶ A König, *Jesus Christus, die eschatos* (1970).

¹⁷ P A Verhoef, 1967:70: “... die trou van God is deur die geskiedenis van die ou bedeling gehandhaaf in die vorming en bewaring van ’n oorblyfsel volgens die verkiesing. Deur hierdie oorblyfsel het God Sy volk gehandhaaf en sy doel bereik.”

2. *Na God se menswording in Christus, onder die nuwe verbond, word dié patroon voortgesit:* nie almal is Israel wat uit Israel is nie. Slegs die oorblyfsel, wat in 'n geloofsverhouding tot God staan, is deel van die ware Israel... die skeidslyn word nou getrek tussen dié Israeliesete wat nie in Jesus glo nie en dié wat wel in Hom glo – laasgenoemde is die ware Israel, aan wie God getrou bly¹⁸:

“Wat die teenswoordige betref, is daar nog altyd 'n oorblyfsel ooreenkomstig die verkiesing van genade (Rom 11:5), word *sommige* uit hulle gered (Rom 11:14) en elkeen wat nie in die ongeloof bly nie, op die olyfboom ingeënt (Rom 11:23), terwyl die verharding vir 'n deel oor Israel gekom het (Rom 11:25), dus nie die voortgaande verlossing van die uitverkorenes verhinder nie... En so, sê die apostel... nadat Israel eers ten dele verhard is en deur sy val die rykdom van die wêreld geword het, sal die hele Israel gered word (Rom 11:26)... die “hele Israel” (is) dieselfde as “hulle volheid” in vers 12, dit wil sê, die volle getal wat tot die geloof gekom het...”

Prof Verhoef se argumentering oortuig egter nie almal nie, om twee hoofredes:

1. Die onderskeiding tussen die ongelowige Israel en die gelowige, “ware” Israel in die Ou Testament, moet nie oorbeklemtoon word nie. Sekerlik is dit so in Elija se tyd dat God sewe duisend laat oorbly wat die knie voor Baäl nie gebuig het nie (Rom 11:4) – dus 'n “oorblyfsel”, maar soms is dit ook so dat nadat hele volk Israel in sonde en afgodery verval het, God hulle vergewe en op grond van sy verbondstrou steeds met hulle handel as sy verbondsvolk. Die “oorblyfsel” in die Ou Testament herinner ons aan God se genade en trou – want dit is immers Hy wat die oorblyfsel van 'n totale afdwaling bewaar het – maar dit is nie 'n beginsel waarvolgens God elke keer sy volk vergewe nie. Ons kan dit nie so verstaan dat, elke keer nadat Israel in groot sonde verval het, God diegene wat aan Hom trou gebly het, die lojale “oorblyfsel”, gebruik as basis om sy volk Israel weer te herbou nie. As dit so verstaan word, speel God se trou en genade eintlik nie 'n rol nie – want God verwerp die ontroues en werk net met die lojale en getroue “oorblyfsel”. In so 'n geval gee nie die trou en genade van God die deurslag nie, maar wel die meriete van die getroue “oorblyfsel”.

Dit is egter nie hoe die God in die Ou Testament met sy volk Israel omgaan nie. Wanneer die volk as geheel God heeltemal vergeet terwill van afgode, gebruik die profete sterk taalgebruik om die (hele) volk tot terugkeer na God op te roep. Dink aan Jesaja 1. Oor die hele volk word oordeel uitgespreek (v 3: “Ellende wag vir julle, sondige nasie, volk met skuld belaa, geslag wat verkeerd handel, julle wat net afbreek, wat My, die Here, verlaat het...”) maar uiteindelik is daar 'n uitnodiging van die getroue en genadige God – nie net tot die getroue “oorblyfsel” nie, maar tot die *hele sondige volk*, in vers 18: “Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak, sê die Here: Al was julle skarlantrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu...”

Die feit dat daar soms – soos in Elija se tyd sewe duisend getroues oorgebly het – is 'n teken van God se getrouheid, maar dit is nie die grondrede waarom God sy volk vergewe nie. Die grondrede is God se verbondstrou en genade.

2. **Kritiek op Prof Verhoef se interpretasie:** Prof Verhoef sien skynbaar nie in wat *die eintlike kwessie in Rom 9-11* is nie. Die kwessie is nie wat die lot van die “oorblyfsel” van Israel is nie, maar wel wat die lot van die res van Israel is – dit wil se, daardie Jode wat nog nie tot geloof in die Messias Jesus gekom het nie. Paulus se argument verloop so:

Rom 1-6: Paulus verduidelik dat God dat, na sy openbaring in Christus, mense se versoening alleen deur God se genade geskenk word, wat ons slegs deur die geloof kan ontvang.

Rom 6-8: Paulus verduidelik hoe gelowiges na dié groot genadegeskenk kan lewe: deur die inwoning van God se Gees, wat gelowiges “in Christus” laat leef.

Rom 9-11: Maar in die lig van God se groot genade – se versoening deur Christus se lewe, dood en opstanding, ons verbintenissen “in Christus” deur God se Gees – kom die vraag onwillekeurig by Paulus,

gebore Jood, op: Waar staan of val God se ou verbondsvolk Israel nou? Dit is tog diegene aan wie God, voor die koms van Christus, oor eeue sy genade en trou belooft en bewys het? Het dit alles nou tot niet gegaan?

- **Rom 9:** Met groot passie sê Paulus: Ek is self bereid om vervloek te word, as dit net my volk Israel by die Here sou bring (v3). Maar dit is sou dat dit God se genade is wat hulle in verlede na Hom toe getrek het, eerder as hulle soeke na God. Ons sien dit in die geskiedenis van Jakob en Esau. Jakob word deur God begenadig, maar dit is eintlik net op grond van God se genade. God was nie verplig om aan of Jakob of Esau genade te gee nie – nie een van hulle het dit verdien nie (v 11-13). Nogtans het hy Jakob begenadig – maar dit was suiwer uit God se genade. Dit is ook die geval met Israel: hulle het so diep in sonde geval, dat God glad nie moreel verplig is om hulle te red nie. Israel is eintlik nie meer God se volk nie (v 25). Hulle vertrou net op hulle eie prestasies (v 32). Maar tog is daar dalk 'n uitkoms vir Israel: 'n Rots waarteen 'n mens jou stamp – maar as jy daarin glo, sal jy nie teleurgestel word nie (v 33).
- **Rom 10:** Moses sê vir ons dat redding nie onbereikbaar ver weg is nie: as jy met jou bely dat Jesus die Here is, sal jy gered word (v 9), maak nie saak of jy Jood of Griek is nie (v 10). Maar ongelukkig, sê Paulus, het meeste van sy volk tot nou nie van hierdie redding gebruik gemaak nie (v 16) – en dit is jammer, want die God van Abraham steek elke dag sy hande uit na Israel, in die hoop dat hulle hul sal bekeer (v 21).
- **Rom 11:** Beteken hierdie treurige situasie dan dat God sy volk verstoot het (v 1)? Beslis nie – God se genade was nog altyd groter as Israel se sonde. Ons *eerste bewys* vir God se genade is die “oorblyfsel” in die Ou Testament: As dinge volkome hopeloos gebly het, het God nog altyd 'n klein groep getroues laat oorbly – as teken dat Hy nie sy volk aan die Bose prysgegee het nie, byvoorbeeld die sewe duisend in die tyd van Elija (v 4). Ons *tweede bewys van God se genade* is dat die heidennasies by Israel se afsydigheid gebaat het – redding het nou na hulle gekom om die Jode jaloers te maak (v 11). Dit is goeie nuus, want as Israel se struikeling (die feit dat net 'n “oorblyfsel”, dit wil sê, 'n klein minderheid van Israel Jesus as Messias aanvaar het) daartoe gelei het dat alreeds baie nie-Jode tot geloof in Jesus gekom het – hoeveel groter sal die seën nie wees as Israel se “volle getal” gelowig sou word nie.

Dan onderbreek Paulus homself in v 13 om direk die heidennasies aan te spreek: vermaan hulle om nie hoogmoedig te wees nie – hulle moet nie dink dat hulle beter is as die Jode net omdat hulle as nie-Jode tot geloof in Jesus as die Messias gekom het nie (v 13-21). Hulle moet altyd onthou: hulle is soos wilde olyftakke wat op 'n mak olyfboom geënt is. As nie-Jode behoort hulle steeds teenoor die Jode oor God se genade in Christus te getuig, want God is in staat om die Jode weer terug te ent (v 22-23).

Maar dan kom Paulus terug by die vraag waarmee hy in Rom 9 begin het en steeds mee worstel in Rom 11:1: “Het God dan nie tog sy volk (Israel) verstoot nie?” Paulus weet wel dat daar 'n relatief klein groep Jode tot geloof in Jesus gekom het (soos hyself). Hy is dankbaar daarvoor en dit is vir hom 'n teken dat God nog nie klaar met die Israel is nie. Maar sy probleem bly steeds: Wat van die meerderheid van die Jode, wat nie in die Messias glo nie?

Paulus besef dié kwessie sou daartoe kon lei dat sy lesers, meestal nie-Joodse Christene in Rome, selfversekerd sou kon raak – hulle sou kon dink God is nou klaar met die Jode. Paulus wil nie hê dit moet gebeur nie – dus waarsku hy hulle in v 25: moenie selfversekerd wees nie. Onthou die “verharding het oor 'n deel van Israel gekom” – dit wil sê, dit sal nie vir altyd daar bly nie. Wanneer die “volheid van die heidennasies” ingegaan het, sal “die hele Israel (*pas Israél*) gered word” (v 26).

Paulus se troos lê daarin: die “hele Israel” – wat dit ook al mag beteken – is iets wat hom meer troos as die feit dat 'n “oorblyfsel” (soos hy en sy mede-Joodse Christene) reeds glo Jesus van Nasaret is die Messias. Die “hele Israel” (v 26) is inderdaad dieselfde as “die volheid/volle

getal” in v 12. Dit is ’n groot bron van vreugde vir Paulus. Daarom sluit hy Rom 11 af met ’n loflied omdat God sy genadegawes en roeping nooit terug trek nie.

Om dus terug te keer na Prof Verhoef se argument: Dit is duidelik dat sy argument dat Paulus se troos aan die einde van Rom 9-11 is dat die “oorblyfsel” van Israel tot geloof in Jesus gekom het, nie opgaan nie. Paulus se troos is sy verwagting dat daar nog meer moet gebeur, dat nog meer Jode tot geloof sal kom – dit is waarna hy verwys as die “hele Israel” (v 26) of “die volle getal/volheid” (v 12).

3.3.7 Waarna verwys “hele Israel” (*pas Israel*), Rom 11:26, “volheid” (*to pléróma*) van Israel, Rom 11:12?

1. Dit kan **nie die kerk**, dit wil sê, Jode en heidene wat tot geloof in Christus gekom het, verwys nie. In sy *Brief aan die Romeine* (1969:159), skryf prof **Willie Jonker**:

“Sommige verklaarders meen dat *die hele Israel* slaan op die kerk, die geestelike of ware Israel wat uit Jode en bekeerde heidene bestaan. Dié verklaring kan aansluit by die uiteensetting oor die takke van die wilde olyf wat ingeënt word op die mak olyfboom... Waar Paulus egter nooit die benaming Israel in so ’n geestelike sin (as aanduiding van die kerk) gebruik nie, terwyl hierdie hoofstukke spesifiek oor Israel as volk handel, is dit beter om te hou by die wyse wat in v 25 aangedui is: die gedeeltelike verharding sal oor Israel bly, totdat die volheid van die heidene ingegaan het. Dit beteken nie dat daar dan, nadat die volheid van die heidene ingegaan het, skielik ’n massabekering van Jode sal plaasvind nie, maar dat die bekering van Jode só sal plaasvind dat die hele Israel ingebring word terwyl die gedeeltelike verharding voortduur.”

2. Dit kan ook **nie** verwys na **al die Jode wat êrens in die toekoms**, dalk net voor die wederkoms, tot bekering sal kom nie. Dit sou beteken al die Jode wat op daardie tydstip leef, word gered – maal sal al die ander Jode wat alreeds gesterf het, uitsluit. So ’n opvatting sou allermins aanspraak kon maak op die beskrywing “die hele Israel”.
3. Dit kan ook **nie** verwys na **al die Jode van alle tye** nie – want dit sou beteken dat hulle almal gered sou word sonder geloof in Christus – en dit sou Paulus se skrywe van die Brief aan Romeine en sy hele sending, onnodig maak.
4. Dit kan **nie** ook dieselfde wees as “**die oorblyfsel**” nie – sien die argument hierbo: Paulus is by die skryf van Rom 11:12 bly oor die oorblyfsel Jode wat alreeds saam met hom in Jesus glo, maar wat van die ander wat nie alreeds deel van die oorblyfsel is nie. Paulus is bekommer oor die res van Israel – dus moet “die hele Israel” meer beteken as die oorblyfsel.
5. “**Israel soos dit deur God bedoel**” – so geformuleer deur Jonker (1969:159): “die volle getal Israeliesete... wat deur Gods genade gered is”. Ridderbos druk dieselfde gedagte met ander woorde uit: “het door God bepaalde volle getal van Israël” (1970:263). Maar watter deel van Israel sou dit nou wees? Daarmee kan nie bedoel word ’n klein deeltjie wat geïgnoreer kan word nie – dan sou “die hele Israel” onsinnig klink.

Wat wel lig hierop mag werp, is die feit dat die Hebreeuse frase vir “geheel Israel” (*kol Isjrael*) as ’n tegniese term gebruik word in Hebreeuse gebede wat in sinagoge gebruik word, byvoorbeeld die *kiddusj*-gebed wat ten minste twee maal in elke sinagoge-liturgie gebruik word in ’n frase wat die gehoor die voorganger se gebed beaam, byvoorbeeld:

Voorganger: Mag daar oorvloedige vrede vanuit die hemel kom, lewe vir ons en vir geheel Israel (kol Isjrael) en almal sê: “Amen!”

Daar is geen bewys dat die *kiddusj*-gebed al in Bybelse tye in gebruik was nie, maar die frase *kol Isjrael/die hele Israel* is alreeds in die Ou Testament gebruik, byvoorbeeld in Daniël 9:11 (“Die *hele Israel* het U wil oortree...”) en 1 Konings 12:1 (“Rehabeam het na Sigem toe gegaan omdat die *hele Israel* gekom het om hom tot koning te kroon.”)

Hierdie gebruik, wat later in sinagoge-liturgie gebruik is, toon duidelik ’n gebruik van “die hele Israel” as ’n vaste uitdrukking wat nie beteken *elke inwoner van Israel* nie, maar wel *’n beduidende deel van Israel* – ’n frase wat nie letterlik beteken “die hele Israel” nie, maar ’n beduidende deel van Israel, miskien beter vertaal met “geheel Israel”.

Dié betekenis van “geheel Israel” pas goed in by wat Paulus in Rom 11:26 wil sê: nie dat elke Israelieset, kop-vir-kop gered sal word nie, maar wel ’n *beduidende deel van Israel*. As dit die geval is, beteken dit dat Paulus in Rom 11:26 die oortuiging uitgespreek het dat God se verbondsbeloftes aan Israel steeds geldig is en dat God wel in toekoms ’n beduidende deel van Israel tot geloof en redding sal bring.

3.3.8 Riglyne uit teologiese besinning vir kommunikasie met Israel en Palestyne

1. Dit bring ons aan einde van die oorsig oor die nadenke in die Calvinisties-gereformeerde tradisie oor die Israel as verbondsvolk. Dit het duidelik geblyk dat, hoewel ’n mens nie sou kon sê dat alle teoloë in dié tradisie van mening is dat God se verbondsbeloftes ten opsigte van die volk Israel tenminste ten dele nog geldig is nie, is daar in die gereformeerde tradisie baie meer erns gemaak word met die positiewe betekenis van God se gang met Israel. Daarom pas dit by gereformeerde kerke om nie sondermeer God se verbond met geloftes aan Israel af te skryf as afgehandelde sake van die Ou Testament nie. Kerke in die gereformeerde tradisies sal dus ook versigtig wees om sonder meer geen teologiese betekenis toe te ken aan die huidige posisie van die Jode, die volk en land Israel nie.

2. In die gesprek met die Joodse gemeenskap en verteenwoordigers van die staat Israel sal die NG Kerk dus versigtig wees om nie sonder empatie met Israel se politieke posisie op te tree nie en sal ons ons Joodse en Israeliesese gespreksgenote daaraan herinner dat enige kritiek van die NG Kerk teenoor die staat Israel se optrede, gebore is uit ’n sterk verbondenheid met die lotgevalle van die volk Israel.

3. Indien ons gedring voel om enige kritiek te lewer oor hoe die staat Israel die Palestynse kwessie hanteer, sal ons die verteenwoordigers van die staat Israel herinner dat ons kritiek gelewer word juis omdat ons glo/ omdat baie lidmate en teoloë van ons kerk glo dat die volk Israel deur die God van Abraham, Isak en Jakob geroep is om getuies af te lê van God se trou en sy geregtigheid – en dat hierdie geregtigheid die riglyne moet verskaf vir optrede teenoor diegene wat die sosiale en politieke posisie beklee van weduwees, wese en vreemdelinge in in die poort.

3.4 Die Teologiese Vraag - opsommend

Daar is rofweg drie antwoorde op die vraag of God vandag, na die koms van Jesus en die uitstorting van die Heilige Gees, steeds sy verbond met Israel handhaaf:

Eerstens, volgens die **Christen-Sioniste** (en veral diegene wat glo in die sogenaamde dispensasie-leer), sal God sy belofte gestand doen dat Israel na die fisiese gebied Israel terugkeer. Dit sal ’n verdere teken wees dat dit wat deur die profete van die OT voorspel is, spoedig in vervulling sal gaan: Israel kry die fisiese land Israel terug, daarna sal die ander gebeure sekerlik volg: die groot verdrukking en daarna sal Christus na die aarde terugkeer om die bose te oorwin en vir ’n tydperk oor die aarde regeer (volgens sommige ’n duisend jaar). In hierdie siening is die terugkeer van Jode na die land Israel in die 20ste eeu ’n bevestiging van wat hulle nog altyd oor eindtye geglo het. Hierdie siening berus byna geheel en al op ’n ahistoriese uitleg van die boek Openbaring en word daarom deur meeste teoloë en kerke wat die Bybel histories lees, verwerp.

Tweedens is daar die siening dat, met die koms van Christus en die Heilige Gees, God se verbond met die volk Israel tot ’n einde gekom het. Hierdie siening kom veral voor by Protestantse kerke wat sterk deur **die Lutherse tradisie** beïnvloed is, wat krities staan teenoor die nuttige gebruik van die Ou Testament en die rol van die wet in die Christelike teologie en lewe. Dikwels is diegene met hierdie siening versigtig vir die invloed van ’n wettiese etiek en geneig om die rol van die Ou Testament in die Christelike teologie te beperk. In die nuwe bedeling van die Nuwe Testament, redeneer hulle, het die kerk die plek van Israel ingeneem. God het geen verbondsbeloftes aan die Joodse volk of land Israel wat nog geldig is nie. Die Ou Testament toon vir ons eerder hoe die genade van God misverstaan is. ’n Deel van die wet van Moses is wel nog van toepassing op Christene is – byvoorbeeld die Tien Gebooe – maar dan dan hoofsaaklik om Christene se onvermoë om die wet te hou, dit wil sê hulle sonde, te ontbloot, sodat hulle na die genade van die Christelike boodskap sal gryp.

Derdens is daar die **Calvinisties-Gereformeerde tradisie**, wat oor die algemeen groter waardering vir die Ou Testament en die rol van die wet het. In hierdie tradisie word daar by die twee funksies van die wet wat deur meeste Protestante erken word (die wet wat Christene se sonde ontbloot en die burgerlike rol van die wet as grondslag vir wet en orde) ook ’n derde gebruik van die wet erken, naamlik die wet as reël van dankbaarheid. As

gevolg hiervan het die Calvinistiese tradisie in die geskiedenis 'n groter bereidheid getoon om die Ou Testament nie net te lees as die donker agtergrond van 'n "geskiedenis van mislukkings" (Rudolf Bultmann) waarteen die helder lig van die Nuwe Testament nog meer helder skyn nie – maar ook as 'n bron van riglyne van hoe in geregtigheid op aarde geleef behoort te word. In hierdie verband is dit belangrik om te onthou dat die Calvinistiese tradisie is die Christelike geloof nie in die eerste plek daar om aan gelowiges 'n tuiskoms in die hiernamaals te verseker nie, maar eerder riglyne oor om op aarde regverdig te leef. Daarvoor het die Ou Testament en die wet baie te sê.

Nog 'n kenmerk van die Calvinistiese tradisie is hier ter sake: die klem wat dit lê dat die fondament van gelowiges se verhouding met God gesetel is in God se verbond met gelowiges. God se getrouheid aan gelowiges is die grondslag van hierdie verhouding, nie die gelowiges se geloof nie, sê Gereformeerdes graag. God se verbondstrou aan Israel in die Ou Testament is die patroon vir God se verbondstrou aan gelowiges in die Nuwe Testamentiese tydvak. Net soos God se verhouding met Israel fundamenteel in stand gehou is, nie deur Israel se geloof en gedrag nie, maar deur God se getrouheid, so word ook Christene se verhouding met God fundamenteel in stand gehou, nie deur Christene se geloof en gedrag nie, maar deur God se getrouheid.

Maar as God se getrouheid aan Israel wel die fondament van hulle verhouding met God in die Ou Testament was – soos die Calvinistiese tradisie wel glo – ontstaan 'n vraag: Wat het van God se getrouheid aan Israel geword, na die koms van Christus? Dit is duidelik nie 'n vraag wat so sterk na vore kom in die Lutherse tradisie se lees van die Bybel nie: In daardie tradisie verskaf die Ou Testament hoofsaaklik voorbeelde van hoe ons verhouding tot God nie behoort te wees nie. Daarom het die Ou Testament 'n minder belangriker rol te speel in die lewe van NT-se gelowige. Dieselfde geld van die Arminiaanse tradisie waarin meeste Baptiste, Evangeliese, Pinkster- en Charismatiese kerke staan: vir hulle is nie God se getrouheid (soos gedemonstreer in die OT) deurslaggewend nie, maar wel die gelowige se geloof en geloofservaring (soos in NT verkondig). Vir beide Lutherse en Arminiaanse tradisies is die OT en die wet van minder belang. Die Calvinistiese tradisie kan egter nie so maklik wegkom van die belang van die OT en die vraag na God se getrouheid aan Israel nie. Dié tradisie word deur sy eie interpretasie gedwing om 'n antwoord te gee op die vraag: Het God se verbondsbeloftes aan Israel met die koms van Christus en die Gees tot 'n einde gekom?

Sommige Gereformeerde teoloë antwoord wel bevestigend hierop, maar dikwels sonder enige teologiese beredenering. Byvoorbeeld **J A Heyns**, as hy skryf: "Daarmee verdwyn Israel nie as 'n etnies-nasionale entiteit nie, maar tot hierdie volk staan die kerk in geen ander verhouding as tot enige ander moderne volk nie. Die heil het immers begin sonder Israel, loop wel deur Israel, maar eindig ook weer sonder Israel.." ¹⁹. Sommige sê niks oor die kwessie nie.

Ander, veral uit die kringe van Europese Gereformeerdes, het bevestig dat God se getrouheid aan Israel vir Christene baie te sê het, selfs na die koms van Christus – soos byvoorbeeld **Karl Barth** ²⁰ ("It (Israel) cannot make itself sterile for God... The promise, however, suffers no harm at all because it is only heard and not believed by Israel. Israel cannot by any breach of the covenant annul the covenant of mercy which God has established... It cannot by its own unfaithfulness turn God's faithfulness into its opposite. It cannot nullify the eternal benefit offered to it in God's Word..."), **Jürgen Moltmann** ("Volgens die getuienis van die apostel Paulus is die Jode steeds die ontvanger van God se liefde steeds die voorwerp van God se liefde; God se genadegawe en sy roeping is onherroeplik") ²¹, **Hendrikus Berkhof** ("onuitroeibare fenomeen Israël") ²², **Kees Miskotte** ²³, **C. Graafland** ²⁴, **Arnold van Ruler** ²⁵ en **Braam van de Beek** ²⁶ (Nederland), Skotse Presbiteriane **Thomas Torrance**

¹⁹ Heyns, Dogmatiek,

²⁰ Barth, skryf 70 bladsye in *Christian Dogmatics* vol 2, par 34.1 oor God se getrouheid aan Israel, wat dien as 'n teken van sy getrouheid aan Christene.

²¹ Moltmann, veral in *Kirche in der Kraft des Geistes*, 153-171 (1975), aanhaling uit 167.

²² Berkhof, skryf in *Christeljk Geloof* oor "onuitroeibare fenomeen Israël" (1973:280).

²³ Miskotte, in *Als de gode swijgen: over het zin van het Oude Testament* (1975) en 1970: *Das Judentum als Frage an die Kirche*.

²⁴ Graafland, in *Het vaste verbond: Israël en het Oude Testament bij Calvijn en het Gereformerd Protestantisme* (1978).

(: “the establishment of the state of Israel... (is) surely the most significant sign given by God in his providential dealings with his covenanted people...”²⁷ en **David Torrance**²⁸, om maar net enkeles te noem.

Dit is dus so dat daar in die Calvinistiese tradisie by baie steun is vir die oortuiging dat God se verbondsbeloftes aan Israel nie met die koms van Christus en uitstorting van die Gees tot 'n einde gekom het nie – baie groter steun as by Protestante wat sterker deur die Lutherse tradisie beïnvloed is²⁹.

3.4.1 Watter implikasie het die oortuiging dat God se verbondsbeloftes met Israel steeds geld vir die huidige konflik tussen Israel en die Palestyne?

Sou die erkenning dat God se verbondsbeloftes met Israel steeds geldig is outomatiese steun vir die Jode se hervestiging in die land Israel beteken? Sou die opneem van artikel 17 in die Nederlandse Hervormde Kerk se nuwe kerkorde na die Tweede Wereldoorlog beteken dat die kerk 'n “onopgeefbare verbondenheid” met Israel het – en dat dit as sodanig 'n teologiese steun vir die Jode se reg om hulleself weer in Israel te hervestig en in 1948 die staat Israel te vestig beteken, met 'n klousule dat Jode vanoor die wêreld die reg het om hulleself te vestig?

Nie noodwendig nie. Sommige Gereformeerde teoloë wat oortuig is dat God sy verbondsbeloftes aan Israel steeds geld meen nie dat hierdie verbondstrou noodwendig vertaal kan word vir steun vir Israel (bedoelende die Jodedom) se reg op die land Israel nie. Abraham van de Beek is hiervan 'n voorbeeld. In sy boek, *De kring om die Messias – Israel as volk van die lijende Heer* (2002), beklemtoon hy dat God se verbond met Israel steeds geld en dat dit beteken dat Israel as volk ook die lyding van Jesus as Messias dra, wat insluit die lewe sonder die land Israel. “De Here is hun (Israel s'n) erfdeel. De hoogste en laatste bestemming van Israël is niet een geografisch gebied, maar de Here zelf... Ook voor het land (Israel) geldt: de muur tussen Israël en de volken is doorgebroken. Dat beteken dat er niet meer zoets als een specifiek land voor Israël kan zijn” (Van de Beek 2002:361-2). Volgens Van de Beek moet Israel leer by die ultra-ortodokse Joodse sektes wat die bestaan van die staat Israel nie erken nie, omdat hulle meen dit die aanbidding van die God van Abraham verduister.

Die meeste Gereformeerde teoloë wat wel oortuig is dat God sy verbondsbeloftes aan Israel op een of ander manier getrou bly, meen agter Van de Beek se siening is abstrak en oorgeestelik. Dit is, na hulle mening, onmoontlik om oor God se trou aan die volk Israel te praat sonder enige verbinding aan die fisiese gebied Israel. Die geloof van Israel in God word deurentyd in die Ou Testament gedefinieer as geloof in die God wat Israel uit die slawerny uitgelei het na die die belofte van die land. Vir die Judaïsme self is dit onmoontlik om aan God se verbondstrou te dink sonder dat dit op een of ander manier verbind is met 'n hervestiging van ten minste 'n groot gedeelte van die volk Israel in Israel. Die geloof wat Jode eeue lank gelowig gehou het, was die geloof dat meer as net 'n klein oorblyfsel eendag in Israel hervestig sou word. Selfs die ultra-ordokse Jode wat die bestaan van Israel as staat nie erken nie, is nie gekant teen die hervestiging van die volk Israel in die land Israel nie – hulle glo net dat dit deur die Messias opgerig moet word, nie deur menslike ywer nie.

Maar – selfs al sou daar ook baie Gereformeerde teoloë wees wat oortuig is dat God se verbondstrou aan Israel bevestig is in die hervestiging van die Jode in die staat Israel – sou dit beteken die staat Israel het 'n *carte blanche* om in sy selfbeskerming op te tree soos die Israëliërs goed dink?

Nee. As die vestiging van die staat Israel 'n teken van God se verbondstrou was, dan gee dit op geen manier 'n vrye hand aan Israel nie – juis die teendeel is waar: dit lê dan juis 'n **groter verpligting** op Israel om in sy selfverdediging regverdig op te tree. Jürgen Moltman (1975:170) stel dit so: “Aan die een kant is Israel as staat 'n teken van die einde van Israel se verstrooiing... Vir die eerste maal in 2000 jaar kan die Joodse bestaan nie alleen

²⁵ Van Ruler, medeskrywer van *Nedl Herv Kerk se nuwe Kerkorde in 1951*, met verwysing na Israel in art 17.

²⁶ Van de Beek, veral in sy *De kring om die Messias. Israël als volk van de lijdende Heer* (2002)

²⁷ Torrance, T: aangehaal in Lindsay, 22

²⁸ Torrance, D: aangehaal in Lindsay, 22: “a remarkable testimony of the hand of God at work in this world”.

²⁹ Terwyl in gedagte gehou moet word die menings van teoloë wat hiermee verskil, soos byvoorbeeld J.A. Heyns.

in die vreemde, maar ook in die tuisland (*Heimat*) gevier word)... Aan die ander kant het dit Israel voor die versoeking gestel om as volk soos alle ander volke te word – nie ’n seën vir ander volke nie, maar ’n vloek vir die Palestyne”.

Dit is hier waar, na ons oordeel, daar vir die Christene in die NG Kerk ’n geleentheid is om twee belangrike dinge te doen:

Eerstens kan ons die Jode/Israëliërs daaraan herinner dat baie Christene wel Israel se bestaan as Joodse staat erken en dat baie (maar nie almal nie) dit sien as teken van God se genade en trou aan Israel - en dat dit, na hulle mening, van groot belang is om Israel se reg tot voortbestaan as staat te verseker. Hierdie Christene is nie almal, soos soms beweër word, Christene wat die Bybel op ’n fundamentalistiese wyse lees nie. ’n Groot deel van hulle het tot hierdie oortuiging gekom as gevolg van die invloed van ’n Calvinistiese tradisie op hulle lees van die Bybel. Hulle is oortuig dat die God van die Bybel eenmaal aan mense sy genadegawes geskenk en hulle geroep het, trek Hy dit nooit weer terug nie”.

Tweedens kan ons, juis op grond van God se Bybelse beloftes aan Israel, ’n appél op Israel te maak om teenoor ander (in hierdie geval die Palestyne) op te tree, nie bloot na eie goeie dinge nie, maar in navolging van reg en geregtigheid teenoor alle mense – waarvan die Hebreeuse Bybel, dit wil sê die Ou Testament, getuig.

Die voorstel is dus dat die aanbevelings vloeiend uit hierdie studiestuk, 1) Israel se bestaansreg in veiligheid sal erken en vra dat sy bure dit ook sal erken en 2) dat dit ’n beroep op Israel sal doen om in regverdigheid met sy bure saam te leef, in navolging van die wet van Moses, Lev 19:33: “Wanneer daar ’n vreemdeling by julle in julle land word, mag julle hom nie onderdruk nie. Julle moet hom soos ’n medeburger behandel en hom liefhê soos julleself”. (Die feit dat die Palestyne hulleself nie as “vreemdelinge” beskou nie, is nie hier ter sake nie – die punt is dat sommige Israëliërs hulle wel so beskou. Dit mag verkeerd wees, maar selfs al sou dit reg wees, sou dit nogtans nie die opdrag van God ophef nie, dat hulle regverdig behandel moet word.) Om die aanbeveling te konkretiseer, sou die aanbevelings die bou van nuwe nedersettings in die Wes-oewer gebied en die afsny van waterbronne van Palestynse gemeenskappe op die Wes-oewer genoem kan word as voorbeelde van optrede wat lewensgehalte van die Palestyne in daardie gebied benadeel, sonder dat dit die veiligheid van Israëliërs verhoog – en dat sulke optrede na ons mening gestaak moet word.

4. DIE POLITIEKE VRAAG

4.1 Die politiek-historiese ontwikkeling van die situasie in Israel en die Palestyne

Om die ingewikkeldheid van die politieke vraag te verstaan, is dit noodsaaklik om te vra na die geskiedenis van Israel-Palestynse konflik. Die probleem is egter dat beide kante sy eie weergawe van die geskiedenis het. As ’n poging om nie die geskiedenis te vertel soos hierdie verslag dit sien nie, gee ons hier ’n opsomming van die vernaamste gebeure wat die politieke situasie in en rondom Israel gevorm – soos gegee in die sinoderapport *Het Israëliësch-Palestijns conflict in die context van de Arabische wereld van het Midden-Oosten*, voorgelê aan die Generale Synode van die Protestantse Kerk in Nederland, 2008. Dit is in Afrikaans vertaal.

4.2 *Het Israëliësch-Palestijns conflict – verslag Generale Synode van die Protestantse Kerk in Nederland, 2008.*

Inleiding:

“Ten eerste: objektiewe geskiedskrywing bestaan nie. Wie ook al probeer om die geskiedenis van die Israel-Palestyns-Arabiese konflik te beskryf en met mense in gesprek te tree wat sterk betrokke by die situasie is, ontdek keer op keer dat “feite” nie bestaan sonder beleving en interpretasie nie. Selfs by die woordkeuse – byvoorbeeld “besette gebiede” of “betwiste gebiede” – speel eie interpretasie ’n rol.... Ten tweede, geskiedenis is beleefde geskiedenis. In ’n tydperk langer as een eeu het mense ingrypende ervarings. Wat gebeur het, word verstaan vanuit die perspektief van die hede. En omgekeerd word die geskiedenis gebruik om aktuele belange te legitimeer.

Om daardie twee rede is hier gekies vir 'n baie beknopte oorsig van die resente geskiedenis en vervolgens word dié geskiedenis beluister vanuit mense se ervarings van die konflik.”³⁰

Opsomming:

- 1881-1894: Tsaar Alexander laat pogroms (Jodevervolging) toe. Daardeer kom beweging vir Joodse outonomie tot stand. In 1882 word manifes gepubliseer waarin die wens uitgespreek word om “ ’n huis in ons land” te stig en so ’n einde aan Joodse ballingskap te maak. Vanaf 1891 word die term “Sionisme” vir hierdie beweging gebruik.
- 1897: Eerste Zionistiese wêreldkongres in Basel.
- 1891-1914: 3 miljoen Jode verlaat Oos-Europe, 30 000 gaan na Palestina, destyds ’n provinsie van die Turks-Ottomaanse ryk.
- 1917: Die Balfour-verklaring: Brittanje erken die strewe na ’n Zionistiese (Joodse) staat. Ottomaanse ryk kom tot ’n einde.
- 1922: Verenigde Nasies (VN) versoek Brittanje om mandaat vir Palestina oor te neem. Arabiere beweeg in Palestina in.
- 1947: Na die WO II en die Sjoa (Holocaust) word die verdelingsplan van die VN deur groot moondhede stilswyend aanvaar – daarmee word toestemming gegee vir die stigting van ’n Joodse asook ’n Arabiese-Palestynse staat in gebied van die Wes-oewer (van Jordaanrivier). Die voorgestelde grense is omstrede.
- 1948: Israel roep onafhanklike staat Israel uit. Die Arabiese buurlande val Israel aan, die oorlog duur tot 1949. Aan Joodse kante is dit veral Jode op kibbuts-plase wat gedood word. Die Arabiere noem dié tydperk *naqba*, die katastrofe. Ongeveer 750 000³¹ Arabiese vlugteling word opgevang in kampte in Libanon, Sirië, Jordanië (op die Wes-oewer) en in die Gaza-strook. Volgens UNRWA verlaat 800 000 Jode die Arabiese state, vanweë groeiende vyandigheid en geweld van Arabiese kant.
- 1949: Wapenstilstand met Egipte, Libanon, Jordanië, Sirië. Hierdeer ontstaan die grense van die feitelike staat Israel, afwykend van die VN-verdelingsplan, erken deur die internasionale gemeenskap, maar nie deur Israel se Arabiese buurlande nie. Wes-Jerusalem word die hoofstad van die staat Israel, Oos-Jerusalem, insluitende die ou stad is deur Jordanië beset. VN se plan was dat Jerusalem self ’n *corpus separatum*, ’n eenheid op sy eie bly, maar weens die oorlog word die plan nie toegepas. Baie Arabiese families wat in die gedeeltes van Jerusalem gewoon het wat deur Israel beset is, moet noodgedwonge trek, dieselfde gebeur met Joodse bewoners van die ou stad.
- 1956: Die Suez-kanaal krisis – bring geen ingrypende veranderinge nie.
- 1967: Die Sesdaagse Oorlog: Israel verower die Sinaï-gebied (wat later aan Egipte teruggegee is), die Gaza-strook, die Golan-hoogte, die Wes-oewer, Oos-Jerusalem. Die heilige plekke word onverstoord gelaat, Israel begin nedersettings bou in die besette gebiede.
- 1973: Die Joom Kippoer-oorlog: Geen groot veranderinge aan grense nie.
- 1977: Pres Anwar Sadat van Egipte besoek Israel.
- 1978: Camp David-byeenkoms lei tot vredesverdrag onderteken deur Sadat, pres Carter, Menachem Begin van Israel. Hiervolgens sal Israel en bure vredesverdrag sluit op grond van VN-resolusie 242 (wat handel oor die teruggee van besette gebiede).
- 1987: Dit word egter nie gedoen nie en in 1987 breek eerste Intifada (opstand deur veral Palestynse jeugdige) uit.
- 1993: Oslo-akkoord: Dit lyk na ’n keerpunt. Die Palestynse Vryheidsorganisasie (PLO) word deur Israel erken as wettige verteenwoordiger van die Palestyne, die PLO erken die staat Israel. Die begin van ’n tydperk van Palestynse selfbestuur. Die Wes-oewer en Gaza-strook sal in fases teruggegee word en regeer word deur ’n Palestynse Autoriteit, wat gesien is as die begin van ’n demokratiese Palestynse staat.
- 1994: Israel en Jordanië sluit vredesooreenkoms.
- 1995: Israeliese eerste minister Yitzchak Rabin word doodgeskiet deur ’n Jood tydens ’n vredesdemonstrasie.

³⁰ Afrikaanse vertaling uit: Die sinoderapport *Het Israëliësch-Palestijns conflict in die context van de Arabische wereld van het Midden-Oosten*, voorgelê aan die Generale Synode van die Protestantse Kerk in Nederland, 2008, bl 8.

³¹ Volgens Israeliese bronne 500 000-650 000, volgens Palestynse bronne 850 000-900 000, vlg United Nations Relief and Works Agency for Palestine Refugees in the Near East (UNRWA) ongeveer 750 000.

- 2000: *Camp David II* misluk. Ehud Barak, Bill Clinton en Yasser Arafat kan nie ooreenkom nie. Die vernaamste punte van verskil is oor die verdeling van Jerusalem (of nie) en die kwessie van Palestynse vlugteling.
- 2000: *Israeliesese opposisieleier Sharon besoek die Tempelberg, 'n heilige plek vir Moslems om Israel se soewereiniteit te onderstreep. Onluste breek uit, dit word die tweede Intifada, wat gepaard gaan met baie geweld in die vorm van selfmoordaanslae deur Palestyne. Hamas word sterker in die besette gebiede. Israeliesese weermag antwoord met harder optrede teenoor die Palestyne as 'n soort kollektiewe bestraffing.*
- 2002: *Arabiese Liga maak vredesvoorstel: 1) Normalisering in ruil 2) vir Israelse terugtrekking na situasie voor 1967-Oorlog en 3) Palestynse vlugteling van 1948 en hulle nakomelinge mag terugkeer na waarna hulle vroeër gewoon het. Israel verwerp laaste voorwaarde, want dit sou Joodse karakter van Israel ondermyn en bied in plaas daarvan aan kompensasie aan nakomelinge.*
- 2002: *Selfmoordaanslag tydens Joodse Pasgafees – lei tot feitelike herbesetting deur Israel van voorheen outonome Palestyne gebiede. Israel begin met die bou van die muur tussen Israel en “besette gebiede”, volgens Israel om selfmoord-bombers se kom en gaan te kontroleer, volgens Palestyne om hulle lewens moeilik te maak.*
- 2003: *Hamas bied wapenstilstand aan Israel aan. Israel wys aanbod van hand omdat hulle meen Hamas is 'n terroristiese organisasie.*
- 2004: *Internasionale geregshof gee “advisory opinion” oor sekuriteitsmuur: Dit is onwettig vir sover dit op Palestynse grondgebied gebou is.*
- 2005: *Yasser Aserfat oorlede. Israel ontruim alle Joodse nedersettings in Gaza-strook.*
- 2006: *Hamas wen verkiesing in Palestynse gebiede. Hulle weier om Israel as staat te erken. Konflik breek op grense tussen Israel en Gaza-strook en grens tussen Israel en Lebanon uit nadat Israeliesese soldate gevange geneem is. Die Islamitiese organisasie Hezbollah steun Lebanese troepe.*
- 2007: *Saoedi-Arabië plaas druk op Hamas (heersende party in Gaza) en Fatah (heersende party in Wes-oewer) om regering van nasionale eenheid te vorm. Dit gebeur aanvanklik, maar dan breek gevegte tussen aanhangers uit. Hamas onder premier Yismael Haniyeh regeer Gaza-strook, Fatah onder leiding van president Mahmoud Abbas regeer Wes-oewer. Israel praat met Fatah, maar nie met Hamas nie.*
- 2007: *Vredeskonferensie in Annapolis. Arabiese Liga stel weer 3 punt-voorstel van 2002. Premier Olmert (Israel) en president Abbas (Wes-oewer) verbind hulle tot vredesakkoord voor 2008.”*

4.3. Die Palestina-Kairos dokument (2009) oor lot van Palestyne in Israel en besette gebiede

In 2009 het Palestynse Christene hulle protes teen die behandeling wat die Palestynse gemeenskappe, Christene sowel as Moslems, in hoofsaaklik die Wes-Oewer en die Gaza-strook, ontvang het, in die Palestina-Kairos dokument op skrif gestel. Die dokument is opgestel deur 'n ekumeniese span van Christen-teoloë en ondersteun deur “patriarge en hoofde” van Ortodokse Kerke (Grieks, Armenies, Kopties, Siries, Maronities, Ethiopies), Katolieke Kerk (Grieks, Siries, Armenies), asook leiers van Lutherse en Anglikaanse kerke in die Palestynse gebiede. Die doel is kortliks saamgevat in die leiers se inleiding tot die Palestina-Kairos dokument, waarin hulle die rede vir die dokument verduidelik:

It (the document) seeks to be prophetic in addressing things as they are without equivocation and with boldness, in addition it puts forward ending the Israelies occupation of Palestinian land and all forms of discrimination as the solution that will lead to a just and and lasting peace with the establishment of an independent Palestinian state with Al-Quds as its capital.

Die naam is geneem van die Kairos-dokument waarin sommige Christen-leiers in 1985 in Suid-Afrika hulle protes oor apartheid en die kerke se betrokkenheid daarby uiteengesit het en omdat die opstellers van Palestina-Kairos voel dat wat in Israel en die besette gebiede gebeur, 'n voorbeeld van apartheid is.

Die volledige Palestina-Kairos (PK) dokument is te lees op die Palestina Kairos-webblad. Hier volg 'n opsomming van die hoofpunte en daarna 'n samevatting van die vernaamste besware teen Israel se optrede.

Hoofpunte:

1. Die harde werklikheid (in veral die besette gebiede Wes-Oewer en Gaza-strook)
2. 'n Woord van geloof

3. 'n Woord van hoop
4. 'n Woord van liefde
5. Boodskap aan ons broers en susters
6. Boodskap aan die wêreld
7. Boodskap aan die internasionale gemeenskap
8. Boodskap aan Palestyne en Israeliess
9. Hoop en vertrou op God

“Die harde werklikheid”

Dit is die opskrif wat gegee word aan die harde werklikheid waaraan Palestyne in “besette gebiede” onderwerp word. Onder die opskrif word 8 voorbeelde behandel – byvoorbeeld:

Die realiteit is die een van “Israelies occupation of Palestinian territories, deprivation of our freedom and all that results from this situation”. Dan word daar voorbeelde gegee van wat dié realiteit behels, byvoorbeeld: Die skeidsmuur, Gaza afgesper, Israeliesese nedersettings, kontrolepunte lei tot vernedering, gesinslede geskei, nie geloofsvryheid - kan nie heilige plekke besoek nie, vlugteling in kampe, duisende gevangenes in Israeliesese tronke, huise in Oos-Jerusalem onteien/vernietig. Hier is die redes waarom dié voorbeelde belangrik is:

Skeidsmuur, Gaza afgesper, vernedering by kontrolepunte

Die besetting en die apartheid deur Israel van “Palestynse grond”. Hiermee word verwys na die “besette gebiede”, dit wil sê die Gaza-strook en Wes-oewer, hoewel dit ook moontlik is om die verwysing te verstaan na Israel as sodanig³². Die “besetting” verwys na die feit dat die Israelse weermag se teenwoordigheid in die Wes-oewer en die “apartheid” na die muur wat die Israelies's in 2002 begin bou tussen die Palestynse gebied op die Wes-oewer en Israel:

Die muur, protesteer die PK, loop nie streng op die grens tussen Israel en die besette gebiede nie, dit is soms uitsluitlik gebou op grond wat aan Palestynse behoort en andersinds “has turned our towns and villages into prisons, separating them from one another, making them dispersed and divided cantons” (PK par 1.1.1). Dit is 'n instrument om Palestyne se kom en gaan tussen die “besette gebiede” en Israel te kontroleer en word misbruik om hulle verontrief en te verneder deur gereelde deursoekingstogte. Die bou van die muur het ook bygedra tot die ontwinging van die infrastruktuur, want soms kan paaie wat gereeld gebruik is, nie meer gebruik word nie. Soms is mense se toegang tot riviere afgesny en is produksie verswak.

Die muur bring ook skeiding tussen families. Palestyne met 'n Israeliesese ID-dokument en Israeliesese paspoort kan vrylik oor die grens beweeg, maar Palestyne wat slegs 'n Wes-oewer ID-dokument het, kan nie vrylik oor die grens beweeg nie – so word gesinne en families se lewens ontwing. In 'n ondersteunende dokument tot die PK Palestinian Christians – Ongoing forcible displacement and dispossession... until when?³³ (Palestina Kairos

³² Dit is hoe Khaleed Mashaal, politieke direkteur van Hamas (regerende party in Gaza) dit verduidelik het op 12 Des 2012, by Hamas se 25ste verjaarsdag: "Liberating Palestine, all of Palestine, is an obligation, a privilege, an objective and a goal... Palestine – from the [Jordan] river to the [Mediterranean] sea, from the north to the south, – is our land and our right and our homeland; there will be no surrender of even the smallest piece of it. Palestine was and still is Arab and Islamic. Since Palestine is ours, and it is the land of the Arabs and Islam, it is unthinkable that we would recognize the legitimacy of the Israelies occupation of it. There is no legitimacy for the occupation and no legitimacy for Israel, no matter how much time passes. Palestine belongs to us and not to the Zionists. Let me emphasize that we adhere to this fundamental principle: we do not recognize Israel or the legitimacy of the occupation or anything that's happened in Palestine – the occupation, the settlements, Judaization, hijacking (our) history, falsifying (our) character ...all of that is nullified. The Palestinian resistance will crush it and sweep it away, be it Allah's will....

The West Bank, Gaza, the 1948 territories (Israel) – these are Palestinian lands, they are all Palestine. Not one part will be separated from any other part, and whoever thinks that Gaza can be separated from the West Bank is mistaken. Gaza and the West Bank cannot surrender Haifa, Jaffa, Beersheba and Safed (Israelies cities)....

Jerusalem is our eternal capital. We cling to her and we will liberate her inch by inch, quarter by quarter, stone by stone – Jerusalem and all the other places holy to Islam and to Christianity. Israel has no right to Jerusalem" (South African Zionist Federation, communication services.)

³³ Kairos Palistine webblad, bl 11

webblad, bl 11) vertel Boutros, 'n Grieks-Ortodokse Palestyn met 'n Israeliese ID, hoe sy nuwe bruid uit Bethlehem (dus met 'n Wes-oewer ID) nie wettiglik saam met hom in Jerusalem kon bly nie, maar elke aand deur die grenspos in die muur na die Wes-oewer moes terugkeer³⁴.

Dit is ook waarskynlik so dat diegene wie se lewens die meeste deur die muur ontwig is, is ambagslui en dagloners wat daaglik van die Wes-oewer (waar werk skaars is) heen en terug na Israel vir werk moet pendel – en soms by sekere grensoorgange tot 'n uur moet wag om deur die grens te gaan. Wat dan dikwels gebeur is dat, wanneer die Palestynse werker uiteindelik deur die grens geworstel het, die Israeliese werknemer aan die ander kant nie meer by die optelpunt wag nie – en dat die dagloner dus geen werk en geen loon vir sy moeite kry nie. Wanneer Palestyne oor die muur praat, beklemtoon hulle dat dit nie net die daaglikse ontwigting is wat hulle ontstel nie, maar die daaglikse vernedering: elke dag word 'n Palestynse werker (miskien al middeljarig) onderwerp aan die (miskien twintigjarige) Israeliese soldaat se mag om hom deur te laat of so te verdraag dat hy laat vir sy werk kom. Dit is duidelik waarom die muur deur die Palestyne beleef word as 'n ontkenning van hulle menswaardigheid.

Palestynse huise in Oos-Jerusalem onteien/vernietig, nuwe Israelse nedersettings in besette gebiede

Dit is waarskynlik die poging van die Israeliese regering om te Joodse verteenwoordigheid in in Oos-Jerusalem en in Wes-oewer te versterk deur die bou van nuwe nedersettings wat die grootste onmin by Palestyne verskaf.

In dié nedersettings woon net Jode. Hierdie feit alleen is nie die oorsaak van onsteltenis nie (in meeste Palestynse woonbuurte woon net Palestyne), maar wel die feit dat nuwe nedersettings gebou word op grond wat wel onbebou was, maar wat in die Palestynse gebied geleë is. Vir Palestyne is die niks anders as 'n vorm van grond-okkupasie nie. Die kwessie word natuurlik vergerger dat 'n nedersetting permanent is. Dit is nie soos by 'n militêre okkupasie waar voertuie en tente opgeslaan word en die okkupasie beëindig word nie. As die nedersettings gevestig is, is dit prakties baie moeilik om hulle te beweeg – want die mense wat daar bly, het geen ander plek om na toe te gaan nie. Daarom word die bou van nedersettings vir Jode nie deur meeste Palestyne gesien as hulp aan mense wat nie huisvesting het nie, maar wel as 'n onetiese poging om grond te verkry in gebiede wat voorheen deur Palestyne bewoon is.

Volgens PK se ondersteuningsdokument *Palestinian Christians: Ongoing forcible displacement and dispossession*, (bl 9) word die Palestynse gemeenskap nie net benadeel deur die nedersettings wat vir Jode gebou word nie, maar ook deur 'n omgekeerde proses: die afbreek van huise in Oos-Jerusalem wat aan Palestyne behoort. Hierdie afbreek van huise kan nie deur die wet gestuit word nie, want die huise is gebou sonder die nodige konstruksie-permitte. Volgens die dokument is dit egter nie die fout van Palestyne nie, maar wel die resultaat van 'n indirekte diskriminasie deur Israeliese administrasie: Die Israeliese regering maak dit so moeilik vir Palestyne om die eiendomme te registreer dat sommige Palestyne uiteindelik bou sonder die nodige permitte – en dit is dan daardie huise wat geen wetlike beskerming het teen latere sloping nie. *Palestinian Christians* beweer: “The Israelies land-planning and zoning system has forced 93 000 Palestinians in East-Jerusalem to built without proper construction permits because 87% of that area is off-limits to Palestinian use, and most of the remaining 13% is already built up.”

Geloofsvryhede word ingekort en ander kwessies

Die PK wys verder op 'n verskeidenheid van ongeregthede: Palestyne se geloofsvryhede word ingekort deurdat hulle nie vrye toegang tot alle heilige plekke in Jerusalem het nie, duisende Palestyne is in Israelse tronke, baie Christene emigreer na VSA en Westerse lande as gevolg van die konflik en selfs Palestyne wat inwoners van Israel is (nie van die besette gebiede nie) ondervind dat daar teen hulle gediskrimineer word.

Tot sover die Palestina-Kairosdokument.

³⁴ *Palestinian Christians – Ongoing forcible displacement and dispossession... until when?*, bl 11. Sien *Palestina Kairos* se webblad. Nog 'n voorbeeld is die een van Sandra, 'n Grieks-Ortodokse vrou, wat vertel hoe haar rit na haar werk toe meteens verander het van 15 na 45 minute.

4.4 Die politieke vraag - opsommend

In hierdie opsomming word die aanklagtes teen Israel verdeel tussen dié wat hoofsaaklik uit die bevolking van die Wes-Oewer en dié wat uit die Gaza-strook kom. Daarna word die aanklagte oorweeg en beoordeel enkele moontlike “oplossings” vir die situasie genoem, met die voor- en nadele van die sogenaamde oplossings.

4.4.1 Die Wes-oewer: aanklagte teen Israel

a) Die muur tussen die Wes-oewer en Israel

Soos in die Kairos-Palestina-dokument hierbo verduidelik, ondervind baie inwoners van die Wes-oewer die muur as 'n instrument wat die Palestynse bevolking se lewens ontwig, families verdeel, Palestyne kontroleer en verneder en hulle woonplekke tronke maak. Volgens Palestyne diskrimineer die muur tussen Palestyne wat in Israel woon (en dus Israelse burgers is en wat met hulle Israelse ID vrylik oor die grens heen en weer kan beweeg) en Palestyne wat in die Wes-oewer woon, nie Israelse burgerskap het nie en dus nie vrylik heen en weer oor grens kan beweeg nie. Die muur is dan ook een rede waarom Israel 'n apartheidstaat genoem word, want dit verdeel selfs families, en laat hulle soos tweedeklas burgers voel – wat dikwels bevestig word deur die optrede van die Israeliess se soldate by grensoorgange. (Derhalwe is die protes-konferensie wat jaarliks deur Palestynse kerke gehou word, die titel “Jesus at the Checkpoint”). Die muur het vir Palestyne die simbool van verdeling en vernedering geword, des te meer omdat die roete op plekke afwyk van die sogenaamde Groen Lyn (die voor-1967-grens).

b) Die toegang tot 'n konstante watertoevoer tot Palestynse woongebiede

In hulle 2011-verslag, “The Right to Water”, wys die Palestinian Human Rights Organization (PCHRO³⁵) op Palestynse woonbeurte en kleinhoues wat deur die bou van die muur, in ander gevalle van vernietiging van putte en in ander gevalle deur nuwe putte van die Israeliess wat die Wes-oewer van hulle gereelde watervoorsiening ontnem is. In 'n droë land soos Israel, waar water 'n baie skaars hulpbron is, is die toegang tot 'n konstante watertoevoer noodsaaklik.

c) Huise van Palestynse inwoners vernietig

Volgens PK se ondersteuningsdokument “Palestinian Christians: Ongoing forcible displacement and dispossession”³⁶, word die Palestynse gemeenskap nie net benadeel deur die nedersettings wat vir Jode gebou word nie, maar ook deur 'n omgekeerde proses: die afbreek van huise in Oos-Jerusalem wat aan Palestyne behoort. Hierdie afbreek van huise kan nie deur die wet gestuit word nie, want die huise is gebou sonder die nodige konstruksie-permitte. Volgens die dokument is dit egter nie die fout van Palestyne nie, maar wel die resultaat van 'n indirekte diskriminasie deur Israeliesese administrasie: Die Israeliesese regering maak dit so moeilik vir Palestyne om die eiendom te registreer dat sommige Palestyne uiteindelik bou sonder die nodige permitte – en dit is dan daardie huise wat geen wetlike beskerming het teen latere slooping nie.

d) Militêre besetting

Waarskynlik is die Israelieses se daaglikse militêre teenwoordigheid die grootste irritasie vir Palestyne in die Wes-oewer – dit is 'n voortdurende sigbare herinnering aan die Israel se militêre mag, aan die oorloë van 1967 en 1974 en Israel se militêre mag in sy optredes teenoor Palestyne in die Gaza-strook.

e) Die bou van Joodse nedersettings in die Wes-oewer

Dit is waarskynlik die poging van die Israeliesese regering om die Joodse verteenwoordigheid in in Oos-Jerusalem en in Wes-oewer te versterk deur die bou van nuwe nedersettings wat die grootste onmin by Palestyne verskaf.

In dié nedersettings woon net Jode. Hierdie feit alleen is nie die oorsaak van onsteltenis nie (in meeste Palestynse woonbuurte woon net Palestyne), maar wel die feit dat nuwe nedersettings gebou word op grond wat wel on-

³⁵ Skakel op Kairos Palestine webblad.

³⁶ Kairos Palestine webblad, 9.

gebou was, maar wat in die Palestynse gebied geleë is. Vir die Palestyne is dit niks anders as 'n vorm van grond-okkupasie nie.

4.4.2 Die Gaza-strook: aanklagte teen Israel

Die Israeliese optrede in die Gaza-strook wat die Palestyne die meeste teen die bors stuit is nie die teenwoordigheid van Israeliese nedersettings of dié van die Israelse weermag nie – Israel het sy militêre teenwoordiging in 2005 uit Gaza onttrek, asook 8000 Joodse setlaars gedwing om dieselfde te doen³⁷. Die Palestyne in Gaza het hoofsaaklik drie aanklagte teen Israel:

- a) Israel se blokering van Gaza se grense het Gaza verander tot 'n “opelug-tronk”.
- b) Die blote bestaan van Israel as staat is die Hamas-regering (aan bewind sedert 2005) se grootste probleem. Dit is Hamas se oortuiging dat die staat Israel geen bestaanreg het nie en dat die hele gebied “van die Jordaanrivier tot die Middelandse See, van die noorde tot die suide” deur Allah aan die Palestyne gegee is en dat 'n daad van ongehoorsaamheid aan Allah sou wees om toe te laat dat enige grondgebied in die Midde-Ooste deur 'n nie-Moslem regering regeer word – baie duidelik verwoord deur Khaleed Mashaal, politieke direkteur van Hamas (regerende party in Gaza) op 12 Des 2012, by Hamas se 25ste verjaarsdag:

“Liberating Palestine, all of Palestine, is an obligation, a privilege, an objective and a goal... Palestine – from the [Jordan] river to the [Mediterranean] sea, from the north to the south, – is our land and our right and our homeland; there will be no surrender of even the smallest piece of it. Palestine was and still is Arab and Islamic. Since Palestine is ours, and it is the land of the Arabs and Islam, it is unthinkable that we would recognize the legitimacy of the Israelies occupation of it. There is no legitimacy for the occupation and no legitimacy for Israel, no matter how much time passes. Palestine belongs to us and not to the Zionists. Let me emphasize that we adhere to this fundamental principle: we do not recognize Israel or the legitimacy of the occupation or anything that's happened in Palestine – the occupation, the settlements, Judaization, hijacking (our) history, falsifying (our) character ...all of that is nullified. The Palestinian resistance will crush it and sweep it away, be it Allah's will....

“The West Bank, Gaza, the 1948 territories (Israel) – these are Palestinian lands, they are all Palestine. Not one part will be separated from any other part, and whoever thinks that Gaza can be separated from the West Bank is mistaken. Gaza and the West Bank cannot surrender Haifa, Jaffa, Beersheba and Safed (Israelies cities)....

“Jerusalem is our eternal capital. We cling to her and we will liberate her inch by inch, quarter by quarter, stone by stone – Jerusalem and all the other places holy to Islam and to Christianity. Israel has no right to Jerusalem”³⁸.

- c) Die Israelse weermag se missiel- en grondoperasies in 2009, 2011 en nou weer in 2014 – is volgens Hamas (die party aan bewind in Gaza steeds 2005) voorbeelde van militêre aggressie waarin daar elke keer 'n groot aantal burgerlikes gesterf het en waarin talle geboue en woonhuise in Gaza vernietig is;

4.4.3 Israel se antwoorde hierop

4.4.3.1 Insake die Wes-oewer:

- a) Die Muur is geen apartheidsmuur nie, maar 'n noodsaaklike beskerming teen terrorisme

Die muur is nie gebou om Jode en Palestyne op 'n apartheidsmanier te skei nie. In Israel (buite die Wes-oewer en Gaza) woon daar 1 387 000 Arabiese Moslems te noem). Hulle het Israeliese burgerskap met al die normale

³⁷ “The Israelies government evacuated 8,000 Jewish settlers from the Gaza Strip, dismantled 21 settlements, and, in the early morning hours of September 12, 2005 ended its 38-year-long military presence in Gaza... The disengagement was proposed by Israelies Prime Minister Ariel Sharon, adopted by the government on June 6, 2004 and enacted in August 2005”, [Wikipedia](#).

³⁸

burgerregte (stemreg, toegang tot mediese sorg, onderwys (laer, hoër en naskoolse). Daar is geen mure of wetlike skeiding of diskriminasie tussen Joodse en Moslem Israeliesese burgers binne-in Israel nie – soos wel die geval was in Suid-Afrika in die apartheidsjare. Daar is geen wetlike diskriminasie teenoor Arabiese Israeliess nie, behalwe dat hulle nie diensplig hoef te doen nie – hulle mag wel vrywillig vir militêre diens aanmeld, wat wel in 2013 deur 300 Christen-Arabiere gedoen is³⁹.

Die muur is gebou om Israel van die Wes-oewer, met sy groot Palestynse bevolking, te beskerm. Dit het noodsaaklik geword na die sogenaamde “Tweede *intefada* (opstand)” deur Palestynse jeugdiges in 2002. Die tweede intefada het ontstaan as ’n reaksie op die besoek van die Israeliesese politikus Ariel Sharon aan die Tempelberg, ’n gebied wat tradisioneel vir Moslems heilig is en waartoe net Moslems toegelaat is. Sharon se besoek is deur baie Moslems as ’n onheiliging beskou. Die intefada gee aanleiding tot ’n dramatiese styging in selfmoord-bomaanvalle, waarvan die ergste waarskynlik die bomontploffing in ’n saal in Netanya waar ’n groep Jode wat in 2002 die Paasfees gevier het en waarin 30 Jode gedood en 140 beseer is.

’n Dekade later, in 2012, is daar geen twyfel by Israeliess oor die effektiwiteit van die muur nie. Die vergelykende syfers van selfmoordaanvalle vertel die verhaal:

Volgens die statistieke gepubliseer deur Israelies-regering, het die selfmoord-aanslae drasties afgeneem na bou van muur:

Die grafiek toon dit duidelik⁴⁰:

Jaar Mense dood

2000	6
2001	85
2002	238
2003	145
2004	98
2005	33
2006	15
2007	3
2008	1

Nogtans het die Palestyne (en Israelies menseregte-organisasies, soos byvoorbeeld B’Tselem) kritiek op die muur – omdat dit nie op die sogenaamde “Groen Lyn”, die aangewese grens tussen Israel en die Wes-oewer gebou is nie, maar so gebou is dat dit grond wat aan Palestyne behoort het, nou by Israel insluit. B’Tselem beweer dus dat hoewel die doel van die muur sekuriteit was, die werklike muur so gebou is dat dit ook ’n ander doelwit probeer bereik – naamlik om stukke grond van die Palestyne te “annekseer”¹. Haggai Matar, ’n Israeliesese menseregte-aktivis, wat krities staan teenoor die bou van die muur, erken dat dit wel bygedra het tot bekamping van terroristiese aanvalle die afgelope dekade¹.

Maar al was daar ook ander motiewe betrokke by die werklike bou van die muur, is daar nie twyfel dat die veiligheidsituasie in 2014 in Israel, na die muur grootliks voltooi is, baie veiliger is as in 2002, voor die muur gebou is. Dit is die argument wat vir die meeste Israeliess die deurslag gee. Hulle is oortuig dat die afbreek van die muur nie sal lei tot die afbreek van apartheid in een of ander vorm nie, maar dat eenvoudig tot ’n groot toename van self-moord bomplanters, soos die geval was voor die bou van die muur. Wie ook al wil hoop om met Israel oor die muur te praat, sal Israel se drang na sekuriteit moet verstaan, dit nie ignoreer nie.

b) Die toegang tot ’n konstante watertoevoer tot Palestynse woongebiede

Dit was nie moontlik om hieroor Israel se kommentaar te kry nie.

³⁹ *Webblad Religion News Service, 14 Maart 2014*. Die blad vertel verder van ’n nuwe Arabiese politieke party in Israel, “Seuns van die Nuwe Testaement”, wat diensplig op alle jong Christen-Arabiere toegepas wil sien. Die rede hiervoor is die begeerte dat die Arabiese jeugdiges in Israel opgeneem kan word in die algemene Israelies-gemeenskap – aldus Religion News Service.

⁴⁰ Sien grafieke ensovoorts by: <http://www.johnstonsarchive.net/terrorism/terrisraelsum.html>

c) Huise van Palestynse inwoners vernietig

Hoewel die afbreek van meeste huise nie onwettig was nie – baie was gebou sonder die nodige konstruksie-permitte, is dit moontlik dat die eerder die gevolg is van 'n indirekte diskriminasie deur Israeliesese administrasie. Indien dit die geval is, is dit inderdaad 'n optrede waarteen beswaar gemaak behoort te word. Tog is dit belangrik om te onthou dat, toe die 8 000 Joodse setlaars in 2005 uit die Gaza-strook verwyder is, Israel die diegene wat geweier het om te trek, met geweld verwyder het en in die proses hulle huise vernietig het.

d) Militêre besetting

Israel se antwoord vir sy militêre is eenvoudig: Dit is nodig vir Israel se sekuriteit. Voor die 1967-oorlog (begin deurdat Egipte Israel aangeval het) is die Gaza-strook (destyds onder Egiptiese militêre beheer) en die Wes-oewer (onder beheer van Jordanië) gebruik vir spioenasie en vir die voorbereiding van die Egiptiese onaan-gekondigde inval in Israel. Sedertdien was beide streke 'n versamelpunt van Arabiere wat teen Israel se bestaan gekant is, wat sommige daartoe beweeg het om selfmoord-aanvalle op Israelse burgers te maak. Gaza is in 2005 aan die Palestynse Owerheid oorhandig, waarna die anti-Joodse groep Hamas die beheer oorgeneem het en dit sedert 2008 gebruik om missiele op Israelse nedersettings in die suide af te skiet. Die Wes-oewer se bevolking is minder radikaal, maar is slegs enkele kilometers van Israel verwyder. As Israel sy militêre teenwoordigheid uit die Wes-oewer onttrek – vra Israel – watter waarborg is dat dieselfde nie in die Wes-oewer sal gebeur wat in Gaza gebeur het na Israel se onttrekking uit Gaza nie? Dat Hamas vanuit die Wes-oewer, 'n paar kilometer vanaf die Knesset, Israel se parlamentsgebou, missiele op Israel sal skiet nie? Watter waarborg dat die Wes-oewer dan nie as 'n afspringpunt vir bomplanters gebruik sal word nie? Dit is die vrae wat Israeliess vra.

Israelse militêre teenwoordigheid in die Wes-oewer is nie wat hulle wou hê nie, sê baie Israelieses, maar dit is 'n noodsaaklikheid terwille van hulle sekuriteit.

Kommentaar: Dit is vir 'n buitestaanders inderdaad onmoontlik om enige waarborg te gee dat die onttrekking van Israelse magte aan die Wes-oewer **nie** daartoe sal lei dat die gebied meer aanvalle op Israel gebruik sal word nie. Aan die ander kant moet dit ook vir Israel duidelik wees dat sy soldate nie vir 'n onbepaalde tyd 'n gebied beset waar die meeste inwoners vyandige teenoor hom staan nie. Dit is verkeerd om die situasie as 'n apartheid-situasie te beskryf (want in Israel buite die Wes-oewer woon 1 387 000 Moslems/Palestynse, met burgerskap en stemreg – heeltemal anders as in apartheid-Suid Afrika), maar die situasie het wel ooreenkomste met 'n koloniale gebied wat deur koloniale troepe beset word. Dit is nie 'n situasie wat onbepaald kan voortduur nie. Daar moet een of ander tyd kom wanneer die koloniale troepe aan die voormalige kolonie onttrek word – en dit is altyd beter dat so 'n onttrekking georden en beplan sal plaasvind.

e) Israelse nedersettings in die Wes-oewer

Dit is die Palestyne in die Wes-oewer se sterkste beswaar. Die getal Jode wat in nedersettings in die Wes-oewer woon is amper al 500 000 – met ander woorde, 'n aansienlike deel van die Wes-oewer is geokkupeer vir die nedersettings waarin net Jode woon. Sommige Israelse politici (en Christen-Sioniste) antwoord dat die nedersettings die gebied Judea en Samaria is wat histories deel van Israel is.

Kommentaar: Dit mag waar wees, maar die deurslaggewende punt is dat daar in daardie gebiede nou mense woon – Palestyne. Die bou van eksklusief Joodse nedersettings in die Wes-oewer kom in werklikheid neer op anneksasie van grondgebied waarop die Palestyne vir 'n lang tyd reeds gebly het. Dit is nie 'n regverdigte behandeling van die Palestyne nie. Die Joodse Bybel verplig Israel is om mense wat hulle vreemdelinge beskou, “soos 'n medeburger behandel” (Lev 19:33 – en baie ander verse, waar “weduwees, wese en vreemdelinge” saam gebruik word as verteenwoordigers van mense in 'n swak sosio-ekonomiese situasie).

Daarom behoort daar in die kerk se besluit 'n duidelik beroep gedoen te word om die bou van verdere eksklusief Joodse nedersettings in die die Wes-oewer te beëindig.

4.4.3.2 Insake die Gaza-strook:

Sekere probleme van die Wes-oewer bestaan nie in Gaza nie – daar is dus geen militêre Israeliesese teenwoordigheid nie, ook geen setlaars meer nie, geen muur wat lei tot vernederings en konfrontasies

ensoovoorts nie. Tog is kanse vir versoening tussen Israel en die Palestyne in Gaza nog minder as in die Wes-oewer. Israel se antwoord op die aanklagte is kortliks die volgende:

a) Israel sny Gaza van die buitewêreld af deur die grense af te sper

Israel se antwoord is eenvoudig: Die politieke leierskap in Gaza is in die hande van Hamas, wat 'n ekstremistiese Moslem-beweging is wat deurentyd sabotasie en terreur-aanslae teen Israel beplan. In die verlede het hulle groot arsenele wapens van ander Arabiese lande ontvang deur middel van die hawes in Gaza. Die afsperring is noodsaaklik om hierdie wapen-invoer te verhoed. As bewys vir sy standpunt wys Israel daarop dat wapens en ploffstof steeds in Gaza ingebring word deur tunnels onder die grensdraad. Die afsper van die grense is 'n veiligheidsmaatreël daarteen.

Kommentaar: Solank dit die amptelike beleid van Hamas, die party aan bewind in Gaza, is om Israel as land te vernietig en te vervang met 'n Moslem-staat (sien hieronder), is daar min rede om aan Israel se beweringe te twyfel. Hamas ontken nie dat dit sy doel is om Israel te vernietig nie.

b) Die blote bestaan van Israel is vir Hamas onaanvaarbaar

Dit is, wat Gaza betref, die eintlike probleem. Dit is vir Hamas, weens hulle geloofsoortuigings, bykans onmoontlik om Israel se bestaansreg as staat te aanvaar. Dit blyk duidelik uit Khaleed Mashaal se uitspraak hierbo in Desember 2012, by Hamas se 25ste verjaarsdag: dit is Hamas se uitgesproke doel om Israel te vervang met 'n Islam-staat Palestina: Israel moet 'n Moslem-staat word –“there will be no surrender of even the smallest piece of it. Palestine was and still is Arab and Islamic...”⁴¹

Kommentaar: Dit is duidelik dat as dit Hamas se uitgangspunt bly, daar geen moontlikheid vir 'n gesprek en versoening tussen Hamas en Israel is nie. Op die oomblik Hamas wys versoening met Israel uit beginsel van die hand. Israel is vir hulle “heidene”, wat nie geskik is om oor 'n Moslem-gebied soos die Midde-Ooste te regeer nie en met wie daar geen dialoog moontlik is nie.

Dit is belangrik dat hierdie probleem uitgewys word en dit sal in die kerk se aanbevelings sekerlik genoem moet word. As daar oor dié saak nie 'n diepgaande verandering by Hamas intree nie, kan daar geen versoening wees nie. Hoewel Hamas openlik verklaar dat dit sy doel is om Israel met 'n Moslem-staat te vervang, is dit belangrik om te onthou dat die nie alle Arabiese of hoofsaaklik Moslem-lande se oortuiging is nie. Selfs die Palestynse Bevrydings-organisasie (PLO) van oorlede Jaser Arafat, wie se retoriek eens op 'n tyd baie ekstremisties was en op 'n tyd enige *detente* met Israel verwerp het, het later hulle openbare standpunt verander – wat daartoe gelei het dat die PLO 'n vredesoekende ooreenkoms met Israel gesluit het. Hoewel daar tans by Hamas geen aanduiding van so 'n moontlike verandering sigbare is nie, kan mense wat in gebed glo dit nie uitsluit nie.

c) Israel se vuurpylaanvalle en grondinval in 2009, 2011 en in Julie 2014

Hoewel Gaza ook vuurpyle na Israelse grondgebied afgevuur het, was die ongevallen en sterftes baie meer aan die Palestyne se kant. By die skryf van hierdie dokument in Julie 2014, is 30 Israeliess (28 soldate) maar reeds meer as 500 Palestyne dood, waaronder vier kinders wat op die strand gespeel het, baie vrouens en kinders en ook pasiënte van hospitale en 'n sentrum vir gestremdes. Die ongevallen en beskadiging van geboue, waaronder ook huise en 'n hospitaal.

Israel se antwoord is dat Hamas missiele vervaardig en afskiet van geboue waar gewone mense woon. Hamas gebruik dus hierdie mense as “menslike skilde” om Israel te verhoed om op te tree en as Israel optree en vroue en kinders word gedood, word Israel as die wreedaardige vyand uitgewys.

Dit is nie vir buitestaanders moontlik te verifieer of burgerlikes wel as menslike skilde gebruik word nie. Maar al sou dit ook so wees, is dit nie genoeg rede vir Israel om missiele (wat baie kragtiger en meer sekuur as die Palestynse vuurpyle is) na 'n dig bevolkte gebied te skiet nie. So 'n optrede kan eintlik nie anders nie as om groot

⁴¹ Sien volledige aanhaling van Khaleed Mashaal by voetnota 32.

getal ongevallen onder burgerlikes, kinders tot gevolg te hê nie. Die feit bly staan dat baie van die burgerlikes, vroue en kinders nie 'n realistiese kans het om die missiele te ontsnap nie – al word hulle ook al vooraf per telefoon in kennis gestel missiele op 'n spesifieke gebou gevuur gaan word nie. Al-Jazeera TV het op skerm 'n geval gewys waar inwoners van die huis wel gewaarsku is dat 'n missiel na die huis geskiet sal word, wat wel gebeur het – maar slegs 57 sekondes later, wat prakties gesproke, geen kans aan die burgerlike inwoners van die huis gegee is nie. Dit was duidelik dat, tenminste in hierdie geval, die vooraf waarskuwing van geen waarde was nie.

In die aanbevelings behoort die kerk dus haar sterk teen gebruik van geweld uit te spreek. Dit geld vir die missiele wat beide Hamas en Israel op mekaar vuur, maar Israel moet spesifiek aangespreek word omdat dit die harde werklikheid is dat daar as gevolg hulle optrede 'n groot getal burgerlikes, kinders en pasiënte, wat nie die opsie gehad het om na veilige plekke te vlug nie, gesterf het. Israel kan nie die verantwoordelikheid hiervoor ontken nie.

4.4.4 Moontlike oplossings⁴²

Eerstens, die “een-staat” model:

Hiervolgens word die grense tussen Israel en die besette gebiede opgehef en Jode en Arabiere woon saam in een, multikulturele, multi-godsdienstige land. Dit is moeilik om te sien hoe hierdie “oplossing” kan werk, want die huidige stryd tussen Israeliess en militante Palestyne sal net tot die stryd binne 'n land verplaas word. Verder sal dit waarskynlik die einde wees van die staat Israel soos hy tans bestaan as 'n moderne, demokratiese wat in innoverende tegniek spesialiseer. 'n Meerderheid Arabiere plus 'n Joodse linkervleuel sal waarskynlik stem om alle maatreëls af te skaf wat Israel 'n Joodse staat maak. Dit is hoogs onwaarskynlik dat Israeliess bereid sou wees vir so 'n toekoms. Dit sou beteken dat al die moeite en swaarkry om, na duisende jare se vervolging, 'n land en staat te vestig waar hulle uiteindelik relatief veilig te wees, verniet was. Daar is eintlik geen kans dat Israeliess uit vrye wil sal kies om 'n minderheid te word temidde van 'n bevolkings- en godsdienegroep wat hulle as vyandig ondervind nie.

Tweedens, vernietiging van die ander kant:

Volgens die tweede model wen een van die twee kante die stryd en vernietig die ander kant se mag en invloed. Dit is hoogs waarskynlik dat in so 'n situasie daar 'n grootskaalse verbreking van menseregte sou wees. Hierdie is die eerste keuse opsie van Hamas en van sekere regse Israelies-groeperinge. In die Palestynse weergawe sal die staat Israel moet plek maak vir 'n enkele Palestynse staat, met Islam as die enigste erkende godsdien en die Jerusalem wat herdoop sal word tot die stad El-Quds, waarin Jode as 'n minderheid sal moet leef. In die Israelies-weergawe, sal Israel die Wes-oewer en Gaza annekseer waarin Palestyne as tweede klas-burgers sal moet leef.

Derdens, die sogenaamde “twee-staat”-model:

Beide Israel en Palestina sal elk hulle eie onafhanklike staat hê. Baie sien dit as die enigste model wat uiteindelik 'n stabiele vrede sal verseker. Maar in hierdie model is daar, volgens Max Fisher, drie baie moeilike struikelblokke wat oorkom moet word:

1. **Jerusalem:** Albei kante maak aanspraak op Jerusalem as hulle hoofstad; dit is die sentrum met Joodse, Moslem (en ook Christelike) heilige plekke wat in sommige gevalle langs mekaar gesetel is, byvoorbeeld in die Ou Stad-gebied, wat baie moeilik sal wees om tussen in twee lande te verdeel.
2. **Wes-oewer-grense:** Dit is nie orals duidelik waar die grense loop nie. Die huidige grense volg min of meer die 1948 Arabiese-Israli oorlog. In sommige gevalle het Israeliess nedersettings aan die Palestynse kant van die grens gebou. Dit sou miskien tog nie onmoontlik wees om oplossings te kry nie – Israel sou miskien meer grond aan Palestina kon gee, in ruil vir Joodse nedersettings – maar dit sal inderdaad 'n moeilike probleem wees om op te los.

⁴² Hierdie uiteensetting van moontlikhede en probleme van die drie modelle is verkry van Max Fischer, joernalis van Washington Post se blog @Max_Fisher .

3. Hervestiging van vlugteling: Gedurende die 1948-oorlog moes 800 000 Palestyne die Palestynse gebiede en stede soos Ramalla en Jaffa verlaat. Volgens die amptelike VN-syfers, het die nasate van die oorspronklike 800 000 vlugteling aangegroei tot 8 miljoen vlugteling. Hierdie Palestynse afstammeling dring aan op die sogenaamde “reg om terug te keer” – die reg om terug te keer na die plekke en huise waar hulle voorsate tot in 1948 gewoon het, na analogie na die “reg om terug te keer”-wet in Israel, wat Jode oor die hele wêreld die reg gee om na Israel te emigreer, as hulle kan bewys dat hulle van Joodse afkoms is. Dit is baie moeilik om te sien hoe Israel sal toelaat dat sewe miljoen afstammeling van Palestyne as emigrante hulle in Israel sal vestig – en so die Joodse bevolking ’n weer eens minderheid sou maak. Daar is voorstelle oor hoe om hierdie struikelblok te oorkom, byvoorbeeld deur afstammeling eerder finansiële te vergoed – maar dit is inderdaad ’n moeilike probleem⁴³.

⁴³ Israel opper ’n twee verdere argumente teen die hervestiging van Palestynse afstammeling:

a) Hulle meen die aanwas van 800 000 in 1948 na 7 miljoen is onrealisties. Hulle meen baie Arabiere het hulleself as Palestynse afstammeling geregistreer om slegte lewensomstandighede in ander lande in die Midde-Ooste (in Jordanië, Lebanon, Sirië, Egipte, Libië, Algerië) te vermy;

b) Israeliess wys daarop dat na die stigting van die Israel as die Joodse staat in 1948, gedurende die 1950s en opnuut weer na die 1967-oorlog (wat begin is deurdat Egipte Israel aangeval het) daar ongeveer 800 000 Jode uit Arabiese en Moslem-lande in die Midde-Ooste gesit is – ongeveer dieselfde aantal Palestyne wat in 1948 vlugteling geword het. Israel het meeste van hierdie Joodse vlugteling in Israel ontvang en in die Israelse gemeenskap opgeneem. Die Palestynse vlugteling daarenteen, is nie deur die ander Arabiese lande ontvang en in hulle lande geïntegreer nie. Inteendeel, hulle is in vlugtelingkampe gehou – omdat die ander lande hulle nie wou hê nie. Later, in die 1960s, is hulle nooit geïntegreer nie, met die gevolg dat daar vandag, 66 jaar na 1948, steeds vlugtelingkampe in die volgende lande is: Jordanië 1 900 00 (met volle burgerskap), Lebanon 425 000 (sonder burgerskap), Sirië 427 000 (sekere regte, maar nie burgerskap nie), Egipte 50 000, Irak (34 000 in 2009, nou slegs 11 500). Daarenteen woon daar binne Israel (afgesien van Wes-oewer en Gaza) 1 387 000 Moslems, waarvan die groot meerderheid “Palestynse” Moslems is wat in Israel gebore is en dus volle burgerskap, reg tot onderwys, mediese sorg ens het.

Die verbanning van 800 000 (of meer) Jode uit die Arabiese lande is voorspel deur Heykal Pasha, die Egiptiese afgevaardigde by die Verenigde Volke se Algemene Vergadering op 14 November 1947, toe die VV-plan vir die verdeling van Israel (tussen Jode en Palestyne) bespreek is. (Die Arabiese lande het die 1947-plan verwerp, waarna die oorlog tussen Jode en Arabiere uitgebars het). Dit is onseker of Pasha se woorde as waarskuwing of dreigement bedoel was, maar hy het die volgende gese en dit is ongeveer presies wat gebeur het: “The United Nations . . . should not lose sight of the fact that the proposed solution might endanger a million Jews living in the Moslem countries. Partition of Palestine might create in those countries an anti-Semitism even more difficult to root out than the anti-Semitism which the Allies were trying to eradicate in Germany. . . . If the United Nations decides to partition Palestine, it might be responsible for the massacre of a large number of Jews” (Ya’akov Meron in: *The Middle East Quarterly*, Sept 1995, vol 11, nr 3, p 47-55, sien webblad *meforum.org*).

Die afname van Joodse bevolkings in Arabiese lande, na 1947:

Jode in Arabiese en Moslem-lande (Wikipedia en baie ander webblaie)

Land	Voor 1948	2014
Egipte	80 000	40 (2013) (Al-Jazeera het in 2013 ’n dokument oor 40 gemaak)
Marokko	265 000	10 000 (2001)
Tunisie	105 000	1 500 (2001)
Algerië	140 000	0 (2001)
Libië	38 000	10 (2001)
Libanon	6 000	100 (2001)
Sirië	30 000	100 (2001)
Jordanië		
Irak	150 000	100 (2001)
Iran	30 000	20 000 (2009 – een lid van parlement)
Bahrein	600	36 (2001)
Saudi-Arabië	500	0 (sover bekend)
Kuwait	400	0 (sover bekend)

4. **Sekuriteit:** Vir Palestina beteken sekuriteit 'n soewereine onafhanklike Palestynse staat. Vir Israel is dit 'n moeiliker: Hulle is bang 'n onafhanklike Palestina op die Wes-oewer sal verander in 'n vyandige Islam-staat, soos alreeds in Midde-Ooste gebeur het en tans steeds weer gebeur. So 'n ekstremistiese Islam-staat sou dan die Wes-oewer kon misbruik as 'n platform waarvan maklik invalle op Israel geloods kan word – soos alreeds in 1967 en 1974 gebeur het. Hamas mag dalk 'n onafhanklike Wes-oewer oorneem, soos hulle met Gaza gemaak het en dan aanvalle op enige plek in Jerusalem, instellings soos die Knesset en nabygeleë dorpe loods. 'n Mens sou kon vra dat, in ruil, die Palestyne toegewings sou moes maak – byvoorbeeld 'n buitelandse vredesmag sou vra om wet en orde te handhaaf, wat weer nie maklik deur die Palestyne aanvaar sou word nie.

5. AANBEVELINGS

Motiverings vir aanbevelings word gegee op bl 27, par 4.4.3.1 (oor muur, Joodse nedersettings in Wes-oewer, Israelse militêre tenwoordigheid in Wes-oewer) en op bl 28, par 4.4.3.2 (oor Hamas, missiele geweld in Gaza).

(BESLUIE DEUR MODERAMEN MOET HIER INGEVOEG WORD)

Jemen	<u>63 000</u>	<u>1000</u> (2001)
	878 000 Jode	31 886 (As 'n mens Marokko en Iran wegneem, net 1 886 Jode in 12 lande.)